

Die invloed van die Geenskoolfondsbeleid op die Finansiële beheer en bestuur van Landelike skole in die Weskus-Wynland Onderwysdistrik

Sohail Morris

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister in Opvoedingsbeleidstudies aan die Universiteit Stellenbosch



Prof Jan Heystek
Fakulteit Opvoedkunde
Departement Opvoedingsbeleidstudies

Desember 2012

VERKLARING

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die werk hierin vervat my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van enige kwalifikasie voorgelê het nie.

Handtekening: _____

Datum: _____

OPSOMMING

Voor 1994 was die skoolhoof in samewerking met die Departement verantwoordelik vir die beheer en bestuur van skoolfinansies. Met die instelling van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 het die aanspreeklikheid ten opsigte van finansies egter drasties verander, deurdat selfbestuur by skole in werking gestel is. Met die Minister van Onderwys se aankondiging in 2006 van geenskoolfondsskole in arm gemeenskappe (kwintiel 1–3), het ouers se verpligting om skoolgeld te betaal verval. Tesame met voormelde beleid en desentralisasie, waardeur mag, bestuur en beheer vanaf nasionale na plaaslike vlak verskuif is, het skole nou 'n groter finansiële las begin dra. Tog is skoolhoofde en beheerliggaamlede dikwels nie opgelei om hierdie finansiële las te dra nie. Die doel van hierdie studie was om die invloed van die geenskoolfondsbeleid op die finansiële beheer en bestuur van landelike skole in die Weskus-Wynland-onderwysdistrik (kring 1, 2 en 3) te bepaal. Die data vir die navorsing is eerstens by wyse van 'n literatuuroorsig ingesamel, waarna 'n ondersoekende studie deur middel van vraelyste by 20 landelike geenskoolfondsskole in bogenoemde onderwysdistrik onderneem is. Skoolhoofde en beheerliggaamvoorsitters van die skole het elk 'n vraelys ontvang. Hulle is twee weke gegun om die vraelyste te voltooi. Die navorser het persoonlik die data ontleed, op grond waarvan bepaalde bevindings en aanbevelings aan die einde van die studie gedoen word.

Trefwoorde

skoolbeheerliggaam; beheerliggaamvoorsitter; desentralisasie; geenskoolfondsbeleid; finansiële bestuur; landelike skole; Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996; openbare skole; artikel 20-skole; artikel 21-skole

ABSTRACT

Prior to 1994, the school principal in conjunction with the Department of Education used to be responsible for the control and management of school finances. With the establishment of the South African Schools Act 84 of 1996, however, the liability in respect of finance has changed dramatically as self-management took effect in schools. With the Minister of Education's announcement of no-fee schools in poor communities (quintiles 1–3) in 2006, parents' obligation to pay school fees fell away. Together with the aforementioned policy and decentralisation, through which power, control and management have shifted from the national to the local level, schools have started to bear a heavier financial burden as well. However, principals and governing body members have often not been trained to cope with this. The purpose of this study was to determine the impact of the no-fees policy on the financial control and management of rural schools in the West Coast-Winelands education district (circuits 1, 2 and 3). The data for the research were firstly gathered by means of a literature review, after which an exploratory study was conducted in 20 rural no-fee schools in the abovementioned education district by way of questionnaires. The school principals and chairpersons of school governing bodies each received a questionnaire. They were afforded two weeks to complete it. The researcher personally analysed the data, based on which certain findings and recommendations are made at the end of the study.

Key words

School governing body; governing body chairperson; decentralisation; no-fees policy; financial management; rural schools; South African Schools Act 84 of 1996; public schools; section 20 schools; section 21 schools

DANKBETUIGING

Graag betuig ek my opregte dank en waardering teenoor die volgende persone wat dit vir my moontlik gemaak het om hierdie miniverhandeling te voltooi:

- (a) My studieleier, prof J Heystek, vir sy aanmoediging, inspirasie en doelgerigte werksywer. Ook 'n groot dankie aan dr L Minnaar vir haar leiding en motivering sowel as waardevolle kommentaar. Dit was 'n voorreg om hierdie studie onder haar bekwame leiding te kon voltooi.
- (b) My vrou, Shaamiela, en kinders, Sa-eed en Shaakir, vir hul liefde, geduld en ondersteuning in die voltooiing van hierdie verhandeling
- (c) Aan my ouers, vir hulle liefde en die opvoeding wat hulle aan my kon gee
- (d) Aan alle betrokke skoolhoofde en beheerliggaamvoorsitters vir die voltooiing van die vraelyste

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING		ii
OPSOMMING		iii
ABSTRACT		iv
DANKBETUIGING		v
LYS TABELLE		x
HOOFSUK 1: Inleiding tot die studie		
1.1	Inleiding	1
1.2	Primêre navorsingsvraag	2
1.2.1	Sekondêre navorsingsvrae	2
1.3	Bewee grede vir die studie	2
1.4	Probleemstelling	3
1.5	Doel van die navorsing	3
1.5.1	Doelstellings	4
1.5.2	Waarde van die navorsing	4
1.6	Beperkings en afbakening van die navorsing	4
1.7	Begripsomskrywing	5
1.7.1	Openbare skole	5
1.7.2	Skoolbeheerliggaam	5
1.7.3	Artikel 20-skole	5
1.7.4	Artikel 21-skole	6
1.7.5	Geenskoolfondsskole	6
1.7.6	Desentralisasie	6
1.7.7	Landelike skole	6
1.7.8	Onderwys	7
1.8	Voorlopige literatuuoroorsig	7
1.8.1	Die betekenis en oorsprong van desentralisasie en selfbestuur in openbare skole	7
1.8.2	Beheerliggame en hul finansiële verantwoordelikheid	8
1.8.3	Geenskoolfondskole	8
1.8.4	Indeling van skole volgens die kwintielstelsel	9

1.8.5	Ongelykheid in die onderwysstelsel	9
1.9	Kwantitatiewe navorsingsmetode en benadering	10
1.9.1	Aansoek om navorsingsgoedkeuring by die Etiekkomitee van die Universiteit	10
1.9.2	Aansoek om navorsingstoestemming by die Wes-Kaapse Onderwysdepartement	11
1.9.3	Steekproefneming en keuring van navorsingsdeelnemers	11
1.9.4	Die navorsingsterrein	11
1.9.5	Navorsingsinstrument – vraelys	11
1.10	Data-insameling	12
1.11	Kwantitatiewe/statistiese dataontleding	12
1.12	Datavertolking	12
1.13	Betroubaarheid en geldigheid	12
1.14	Indeling van hoofstukke	13
1.15	Samevatting	13

HOOFSTUK 2: Desentralisasie en die geenskoolfondsbeleid – ’n literatuuroorsig

2.1	Die omskrywing van Onderwysbeleid	14
2.2	Inleiding en omskrywing van desentralisasie	15
2.3	Doel met, en rede vir, desentralisasie in die onderwys, en die gepaardgaande verantwoordelikheid van die skoolbeheerliggaam	16
2.4	Die invloed van desentralisasie op die onderwys	21
2.5	Desentralisasie en skoolfinansies	24
2.6	Die finansiering van openbare skole – die Suid-Afrikaanse Skolewet (hoofstuk 4) en ander wette	28
2.6.1	Die verantwoordelikheid van die staat	28
2.6.2	Die bepaling van geenskoolfondsskole	29
2.6.3	Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (Suid-Afrikaanse Skolewet)	29
2.6.4	Bepaling van kwintielkriteria vir openbare skole	30
2.6.5	Skoolfondse en bates van openbare skole	31
2.6.6	Nie-artikel 21-skole	32
2.6.7	Artikel 21-skole	32
2.6.8	Geenskoolfondswette	33
2.6.9	Gebruik van die Norme en Standaarde-toekenning	35
2.6.10	Rol van die beheerliggaam	36

2.7	Samevatting	36
HOOFSTUK 3: Navorsingsmetodologie		
3.1	Inleiding	37
3.2	Navorsingsmetodologie	37
3.2.1	Eienskappe van 'n kwantitatiewe benadering	37
3.2.2	Beskrywing van die data-insamelingsinstrument	38
3.2.2.1	Vraelyste	38
3.2.2.2	Voordele van vraelyste	40
3.2.2.3	Nadele van vraelyste	40
3.3	Steekproef	41
3.4	Dataontleding	42
3.5	Datavertolking	42
3.6	Betroubaarheid en geldigheid	43
3.7	Triangulasie	43
3.8	Etiese oorwegings	43
3.9	Samevatting	44
HOOFSTUK 4: Dataontleding, datavertolking en bevindings		
4.1	Inleiding en metode van dataontleding	45
4.2	Beskrywing van die steekproef	45
4.3	Dataontleding	45
4.3.1	Biografiese gegewens	46
4.3.2	Beheerliggaamstruktuur en -funksionering	50
4.3.3	Bekwaamheid van die beheerliggaamvoorsitter en ouerlede van die beheerliggaam ten opsigte van die finansiële bestuur van die skool	53
4.3.4	Die invloed van die geenskoolfondsbeleid op skole	58
4.3.5	Die hoof se opvatting oor ouers se reaksie op geenskoolfondsskole	64
4.4	Samevatting	66

HOOFSTUK 5: Navorsingsresultate

5.1	Inleiding	67
5.2	Gevolgtrekkings	67
5.2.1	Sekondêre navorsingsvrae	67
5.2.2	Primêre navorsingsvraag	70
5.3	Aanbevelings	71
5.4	Sterkpunte van die studie	72
5.5	Tekortkominge van die studie	72
5.6	Betekenis van die studie vir die navorser	72
5.7	Aanbevelings vir verdere studie	72

BIBLIOGRAFIE	73
---------------------	----

BYLAES

A. ETIEKGOEDKEURING: UNIVERSITEIT STELLENBOSCH	83
B. VRAELYSTE: SKOOLHOOFDE EN BEHEERLIGGAAMVOORSITTERS	84
C. WES-KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT: GOEDKEURINGSBRIEF	96

LYS TABELLE

Tabel 2.1	Nasionale armoedever spreiding 2007/8	30
Tabel 2.2	Toekennings aan skole 2009/10	30
Tabel 2.3	Voorbeeld van indeling van Norme en Standaarde-toekenning	35
Tabel 4.1	Kwalifikasies van skoolhoofde en beheerliggaamvoorsitters	46
Tabel 4.2	Jare ondervinding van skoolhoofde en beheerliggaamvoorsitters	46
Tabel 4.3	Inligting ten opsigte van skoolbeheerliggaamlede	47
Tabel 4.4	Vakante poste in skoolbeheerliggame	47
Tabel 4.5	Kwalifikasies van ouerlede van die beheerliggaam	47
Tabel 4.6	Die leerdertal by deelnemerskole	48
Tabel 4.7	Artikel 20- en artikel 21-skole	48
Tabel 4.8	Kwintielkategorieë van skole	49
Tabel 4.9	Die toekenning van geenskoolfondsstatus aan skole	49
Tabel 4.10	Die heffing van skoolgeld voor die geenskoolfondsbeleid	50
Tabel 4.11	Die persentasie skoolgeld ontvang voor die geenskoolfondsbeleid	50
Tabel 4.12	Rekeningkundige joernale by skole	50
Tabel 4.13	Die portefeulje van tesourier	51
Tabel 4.14	Die persoon wat as skooltesourier optree	51
Tabel 4.15	Finansieskomitee by skole	52
Tabel 4.16	Lede van finansieskomitee	52
Tabel 4.17	Wes-Kaapse Onderwysdepartement-geregistreerde ouditeur	52
Tabel 4.18	Ouerlede se beleidsbekwaamheid	53
Tabel 4.19	Ouers se vermoë om beleidsfunksies uit te voer	54
Tabel 4.20	Ouers se vermoë om bepaalde take uit te voer	55
Tabel 4.21	Voor my skool tot geenskoolfondsskool verklaar is	58
Tabel 4.22	Nadat my skool tot geenskoolfondsskool verklaar is	59
Tabel 4.23	Persentasie bestee aan leer- en onderrigondersteuningsmateriaal	61
Tabel 4.24	Persentasie bestee aan munisipale dienste	61
Tabel 4.25	Persentasie bestee aan onderhoud en hersteldienste	61
Tabel 4.26	Persentasie bestee aan plaaslike aankope van verbruiksgoedere, soos skryfbehoeftes, skoonmaakmiddels, noodhulp, ensovoorts	62
Tabel 4.27	Aantal skole met bykomende inkomstebronne	63
Tabel 4.28	Bykomende inkomstebronne	63
Tabel 4.29	Hoeveelheid inkomste wat deur bykomende bronne geskep word	63
Tabel 4.30	Behoeftes aan beskikbaarstelling van geld vir beheerliggaamposte	64

Tabel 4.31	Redes vir die respons in tabel 4.30	64
Tabel 4.32	Beheerliggaamposte	64
Tabel 4.33	Ouers se reaksie op die geenskoolfondsbeleid	64

HOOFSTUK 1: Inleiding tot die studie

1.1 Inleiding

Skoolgebaseerde bestuur, of skoolselfbestuur, is deesdae algemeen, en dus moet die bemagtiging van opvoeders, ouers en lede van die algemene publiek nie uit die oog verloor word in beplanning, beleidvorming en voorgenome veranderingsaktiwiteite in hedendaagse skole nie. As gevolg van hierdie nuwe kragte in die onderwys, sal skooldoeltreffendheid in die toekoms aansienlik deur bemagtiging beïnvloed word (Du Toit, 2008:39). Bemagtiging vereis finansiële verantwoordbaarheid, wat gelei het tot 'n stel onderwysbeleidstukke wat bevoordeelde en benadeelde skole op verskillende maniere beïnvloed het (Bisschoff & Mestry, 2009). Die resultaat was dat skole self moes begin inkomste skep om as skoolfonds te gebruik, te administreer en te bestuur. Doeltreffende finansiële bestuur het dus 'n belangrike rol in Suid-Afrikaanse skole begin speel. Hervorming en transformasie op onderwysgebied in Suid-Afrika het noodwendig deur die jare 'n invloed op alle vennote in die onderwysproses gehad, waaronder die Departement van Onderwys, skoolbeheerliggame, die skoolhoof, personeel, leerders en die toevoergemeenskap van skole. Die Suid-Afrikaanse bevolking word gekenmerk deur 'n ryke kultuurverskeidenheid, vir wie daar mettertyd ook op onderwysvlak voorsiening gemaak moes word. Die sukses van enige land se onderwysstelsel hang in 'n groot mate af van die onderlinge vertrouwe en samewerking tussen alle vennote in die onderwysproses. Die internasionale tendens van demokratisering is om weg te beweeg van totaal afhanklike skole na skole onder selfbestuur (Van Deventer & Kryger, 2003:235). Dié benadering bied alle rolspelers, opvoeders, ouers, leerders en die groter gemeenskap die geleentheid en mag om skole te verbeter en te ontwikkel. Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (RSA, 1996b) (hierna die Skolewet) ken allerhande groter finansiële pligte aan skole toe, maar hierdie navorsing konsentreer op die sogenaamde geenskoolfondsbeleid.

Skole onder selfbestuur het, deur middel van die beheerliggaam, aan ouers groter besluitnemingsmag ten opsigte van die skool gegee. Tog, ondanks die toekenning van dié mag, beskik die meeste ouers oor weinig ervaring, vaardighede en kennis om hul funksies, veral dié van die beheer en bestuur van skoolfinansies, te verrig. Ongeletterdheid onder beheerliggaamlede, veral by landelike skole, is problematies. Die geenskoolfondsbeleid, en

die gepaardgaande verantwoordelikheid vir skoolgeld en die aanwending daarvan, het derhalwe 'n groot las op beheerliggaamlede geplaas.

1.2 Primêre navorsingsvraag

In watter mate is ouers in die beheerliggaam van landelike geenskoolfondsskole in die Weskus-Wynland-onderwysdistrik in staat om die finansiële rolle, funksies en verantwoordelikhede ingevolge die Skolewet te verrig?

1.2.1 Sekondêre navorsingsvrae

- (a) Beskik die skoolhoof en ouerlede van die skoolbeheerliggaam van landelike geenskoolfondsskole in die Weskus-Wynland-onderwysdistrik oor die nodige finansiële vaardighede om die skool se finansies doeltreffend te beheer en te bestuur?
- (b) Watter invloed het die geenskoolfondsbeleid op onderwys by landelike geenskoolfondsskole in die Weskus-Wynland-onderwysdistrik?

1.3 Beweegrede vir die studie

Die keuse van die onderwerp is gebaseer op die navorser se ervarings as onderwyser en departementshoof by 'n landelike geenskoolfondsskool in die Weskus-Wynland-onderwysdistrik. Die geenskoolfondsbeleid wek, volgens die navorser se persoonlike ondervinding, by ouers die indruk dat die skool geld het en dus nie meer hulle finansiële bydraes nodig het nie. Die navorser se skool het voorheen R50 skoolgeld per jaar gehef, en sowat 10% van die 240 leerders se ouers of voogde het betaal. Met die koms van die geenskoolfondsbeleid, waarvolgens die staat die skool aan die hand van die aantal ingeskrewe leerders betaal, beskik die skool nou oor geld wat dit nie vantevore gehad het nie. Die navorser ervaar ook dat baie hoofde, veral by landelike skole, steeds alleen besluit oor hoe finansies hanteer moet word. Beheerliggaamlede voel ook minderwaardig as gevolg van ongeletterdheid en 'n tekort aan ervaring en vaardighede om finansies te bestuur en te beheer. Hulle (die beheerliggaam) besef nie altyd oor watter mag hulle beskik nie, veral wat die beheer en bestuur van skoolfinansies betref. Verkeerde finansiële besluite en onkunde lei ook daartoe dat onderrigmateriaal nie aangekoop of herstel word nie, en vertraag sodoende die onderrigproses. Al hierdie redes het die navorser daartoe beweeg om by wyse van hierdie

studie te probeer vasstel watter impak en invloed die geenskoolfondsbeleid op landelike skole het.

1.4 Probleemstelling

'n Nuwe klousule en byvoeging by die Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (RSA, 2006) – naamlik dié oor geenskoolfondsskole – is in werking gestel om skole in arm gebiede te help om hul gehalte van onderrig te verbeter. Dit verhoed skole daarvan om skoolgeld te hef. Die staat bepaal deur middel van 'n vyfkwintielstelsel hoeveel geld aan skole en leerders toegeken moet word. Skole in kwintiel 1–3 het geenskoolfondsstatus gekry, maar skole in kwintiel 4 en 5 kan skoolgeld hef (Bisschoff & Mestry, 2009:32). Lee en Bowen (2006:197–198) meen dat net soos ekonomiese kapitaal die mag verteenwoordig om produkte te koop, kulturele kapitaal vir ouers belangrik is om hul kinders van 'n opvoeding te voorsien en hul akademiese prestasievermoë te ontwikkel. Ouers uit verskillende agtergrondse betrokkenheid kan wissel na gelang van verskille in finansiële hulpbronne, geletterdheidsvlakke, en ondervinding en vertrouwe in die onderwysstelsel (Lee & Bowen, 2006:198). 'n Tekort aan finansiële hulpbronne beperk families se vermoë om opvoedkundige geleenthede te skep, wat op sy beurt ouers se verwagtinge van hul kinders inkort. Met die ontstaan van desentralisasie in die onderwys wat deur middel van demokratiese beheer meer magte aan skoolbeheerliggame gegee het, kan 'n mens nou egter vra of die beheerliggaam, veral in landelike skole met geenskoolfondsstatus, wél oor die vermoë beskik om totale beheer oor die skool uit te oefen, en watter invloed dit op sodanige skole het. Hierdie studie konsentreer derhalwe op die impak van geenskoolfondsstatus en desentralisasie op landelike skole.

1.5 Doel van die navorsing

Die navorsing het hoofsaaklik ten doel gehad om die invloed van die geenskoolfondsbeleid op die finansiële beheer en bestuur van landelike skole in die Weskus-Wynland-onderwysdistrik te bepaal. Daarbenewens word die wet en beleidsraamwerke bestudeer waarbinne skoolfinansies, veral in geenskoolfondsskole in landelike gebiede, bestuur en beheer word, en word daar aan die hand van vraelyste bepaal of skoolhoofde en

skoolbeheerliggaamvoorsitters oor die nodige kennis en vaardighede beskik om skoolfinansies te beheer en te bestuur. Altesaam 20 landelike skole met geenskoolfondsstatus is by die ondersoek betrek, en vraelyste is dus na elk van dié skole se hoofde en beheerliggaamvoorsitters versprei. Die rede vir die keuse van dié navorsingsonderwerp is dat beheerliggame, veral van landelike skole, nie altyd besef watter belangrike rol hulle speel nie. Finansiële bestuur in skole is van die belangrikste aspekte in die skoolstelsel maar beheerliggame – en veral ouerlede van beheerliggame in landelike gebiede – begryp nie noodwendig hoe om dit na behore te doen nie.

1.5.1 Doelstellings

- (a) Om te bepaal of die skoolhoof en ouerlede van beheerliggame van landelike geenskoolfondsskole oor die nodige finansiële vaardighede beskik om die skool se finansies doeltreffend te beheer en te bestuur, en of die beheerliggaam sy funksies ingevolge die Skolewet kan uitvoer
- (b) Om te bepaal hoe die geenskoolfondsbeleid in landelike skole toegepas word en of dit enige positiewe gevolge vir die skool en gemeenskap inhou

1.5.2 Waarde van die navorsing

Die navorsing sal skoolbeheerliggaamlede van veral landelike skole bewus maak van hulle belangrike rol in finansiële beheer en bestuur deur te toets of hulle oor die nodige mag, kennis, vaardighede, kundigheid en ervaring beskik om skoolfinansies te behartig. Daar sal ook vasgestel word of die opleiding wat die Departement tans verskaf voldoende is, bekostigbaar is, enigsins nodig is, en gereeld genoeg aangebied word. Die navorsing behoort dus skoolbeheerliggaamlede, skoolhoofde sowel as die Departement van bepaalde belangrike insigte te voorsien.

1.6 Beperkings en afbakening van die navorsing

(a) Beperkings

Eerstens kon respondente met gebrekkige lees- en skryfvaardighede dit dalk moeilik vind om die vraelyste sorgvuldig te voltooi. Tog het respondente twee weke ontvang om die vraelyste te voltooi, en het dit hulle dus voldoende geleentheid gebied om hulp te kry om inligting

volledig in te vul en oor sekere kwessies na te dink. Tweedens word die integriteit van die data deur die integriteit van die respondente bepaal. Die moontlikheid bestaan egter dat sommige respondente nie heeltemal eerlik geantwoord het nie en valse inligting kon verskaf, wat die navorser se afleidings en vertolkings kon beïnvloed.

(b) Afbakening

Dorp-/stadskole met geenskoolfondsstatus is nie ondersoek nie. Slegs 20 landelike skole met geenskoolfondsstatus is by die studie betrek om skoolhoofde en ouerlede van skoolbeheerliggame se kundigheid in die beheer en bestuur van skoolfinansies te bepaal. Dié duidelik afgebakende teikengroep is gekies om koste te besnoei en reisafstande te beperk.

1.7 Begripsomskrywing

Vir die doel van dié studie sal die volgende betekenis aan onderstaande begrippe geheg word.

1.7.1 Openbare skole

Skole wat deur die staat gestig is en uit openbare inkomste (belasting) gefinansier word. 'n Openbare skool kan 'n gewone openbare skool of 'n openbare skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefte wees (RSA, 1996b: hfst 3, art 12(3)).

1.7.2 Skoolbeheerliggaam

Ouers van leerders wat in die skool se beheerraad verkies is om die belange van die ouergemeenskap en die leerders te beskerm ten einde onderrig en leer te bevorder (RSA, 1996b: hfst 3, art 16).

1.7.3 Artikel 20-skole

Openbare skole waarvan die skoolbeheerliggame oor artikel 20-funksies beskik wat in die Skolewet vervat en deur die staat gefinansier word (RSA, 1996b: hfst 3, art 20).

1.7.4 Artikel 21-skole

Skole waarvan die skoolbeheerliggame deur die Lid van die Uitvoerende Raad met sommige of al die funksies in artikel 21 van die Skolewet beklee word (RSA, 1996b: hfst 3, art 21).

1.7.5 Geenskoolfondsskole

Artikel 39(7) van die Skolewet (RSA, 1996b) bepaal dat die Minister van Onderwys deur middel van 'n kennisgewing in die Staatskoerant jaarliks die nasionale kwintiele vir openbare skole moet bepaal. Die Lid van die Uitvoerende Raad gebruik dan hierdie bepalings om sodanige skole uit te wys wat as gevolg van die armoede in hul omringende gemeenskappe nie skoolfonds mag hef nie.

1.7.6 Desentralisasie

Verskuiwing van mag vanaf nasionale regering na plaaslike regering of skole. 'n Volledige beskrywing van dié begrip verskyn in die literatuurstudie in hoofstuk 2.

1.7.7 Landelike skole

Landelike skole is histories op privaat plase gestig en het hoofsaaklik vir die kinders van swart plaaswerkers voorsiening gemaak. Hierdie skole het onder die regsbevoegdheid van die voormalige Departement van Onderwys en Opleiding geval. Die Departement van Bantoe-onderwys het dié soort skole oorspronklik met die aanvaarding van die Wet op Bantoe-onderwys 47 van 1953 in die lewe geroep (Departement van Onderwys, 1995:22). Die skole impliseer 'n sekere kenmerk van landelikheid, soos nedersetting of demografiese patrone, omgewingseienskappe, politieke en ekonomiese faktore sowel as sosiokulturele en geskiedkundige faktore (Departement van Onderwys, 2005:3).

1.7.8 Onderwys

Dit omsluit die onderrig en aanleer van spesifieke vaardighede asook ander tasbare maar moontlik meer ingrypend die oordrag van kennis, positiewe oordeel en goed ontwikkelde wysheid (Wikipedia).

1.8 Voorlopige literatuuroorsig

In die volgende voorlopige literatuuroorsig sal die betekenis en oorsprong van desentralisasie en openbare skole onder selfbestuur; beheerliggame en hul finansiële verantwoordelikheid, geenskoolfondsskole, sowel as die indeling van skole volgens die kwintielstelsel bespreek word.

1.8.1 Die betekenis en oorsprong van desentralisasie en selfbestuur in openbare skole

Die nuwe onderwysbeleidsraamwerk het 'n algemene visie vir die oorgang na demokratiese skoolbeheer en -bestuur in Suid-Afrika daargestel. Besluitneming in die onderwys het nou verskuif na verskeie vlakke, waar verantwoordelike optrede noodsaaklik geword het (Bisschoff & Mestry, 2009). Dié verskuiwing kan as desentralisasie beskryf word, met die klem op 'n verskuiwing in die plasing van diene wat beheer uitoefen; die oordrag van gesag van een ligging of vlak van 'n onderwysorganisasie na 'n ander. Die gesagsverskuiwing hou verband met verskillende administratiewe, fiskale en politieke aktiwiteite, en die uitwerking daarvan op skoolbeheer (-organisasie), skoolbestuur en skoolfinansieringsbesluite.

Skoolbemaagtiging is 'n nuwe term vir 'n baie ou bestuurstyl. Dit gaan daaroor dat 'n besluit oor 'n probleem die beste geneem word op die grondvlak van 'n organisasie, of in 'n posisie na aan die probleem, verkieslik daar waar 'n oplossing gevind kan word (Du Toit, 2008:32). Ook stel dit deelnemende/gedesentraliseerde skole in staat om die opvoeder-leerderleerproses doeltreffender te hanteer. Volgens Du Toit (2008) is opleidingsprogramme nodig om betrokkenes by die skoolstelsel oor hul veranderde rol in deelnemende besluitneming in te lig, ten einde gedesentraliseerde bestuur en dus skoolverbetering teweeg te bring (Du Toit, 2008:33). Pietersen, (2007) reken gemeenskapsbetrokkenheid ter bevordering van

skoolonderwys het noodsaaklik geword: “Creating an education system that is responsive to the entire spectrum of society will demand that principals increase parental and community involvement in school affairs.” Reeds voor 1994 het die desentralisasie van die onderwys tot die afwenteling van gesag na die plaaslike vlak gelei, waar groter ouerseggenskap in, en gemeenskapsbetrokkenheid by, onderwys in werking gestel moes word. Dit het ook meegebring dat nuwe, bykomende bronne van finansiering vir die onderwys gevind moes word.

Uit ’n ekonomiese oogpunt kan onderwysdesentralisasie aan die ‘vermarking’ en privatisering van die onderwys gekoppel word, wat groter deelname aan die finansiering en beheer van onderwys sowel as onderwysbesluitneming verg (Patrinos & Ariasingham, 1998). Groter plaaslike deelname het die neoliberaale agenda aangevuur, wat op sy beurt al hoe meer desentralisasie meegebring het, naamlik die bevordering van goeie beheer, die beperking van alleenseggenskap deur die staat, en die uitbreiding van die privaat sektor om ook hulle aktiwiteite in die onderwys te versterk (Lewis & Naidoo, 2004:1).

1.8.2 Beheerliggame en hul finansiële verantwoordelikheid

Een van die opvallendste kwessies in die Skolewet is te vinde in artikel 36, hoofstuk 4 (RSA, 1996b), waar die Departement van Basiese Onderwys sy verantwoordelikheid vir die hantering van twee belangrike aspekte van die onderwys, naamlik finansies en onderwys van gehalte, na die beheerliggaam van ’n skool verskuif. Daardeur ontvang skoolouers in die beheerliggaam ’n groot verantwoordelikheid, naamlik die opstel en bestuur van ’n skool se begroting; die bestuur van die skool se hulpbronne; die bepaling van skoolgeld, indien dit gehef word, sowel as die vrystelling van ouers van die betaling van skoolgeld (WKOD-Menslikekapitaal-ontwikkeling, 2006:12). In plaas daarvan dat die beheerliggaam groter burgerlike (ouer-) samewerking bewerkstellig, word dit dus nou met bestuursverantwoordelikhede belas (Sayed, 2002).

1.8.3 Geenskoolfondsskole

In 2006 het die Minister van Onderwys in pas met die Wysigingswet op Onderwyswette 24 van 2005 (RSA, 2005) besluit om ‘geenskoolfondsskole’, dit wil sê openbare skole wat nie verpligte skoolgeld mag hef nie, in arm gemeenskappe uit te wys. Ten einde die stygende

koste van onderwys vir ouers met beperkte finansiële vermoëns te bekamp, is die Skolewet (RSA, 1996b) gewysig om vir die instelling van sodanige skole voorsiening te maak. Die bepaling in die Skolewet (RSA, 1996b: art 39(7)) lui soos volg: “Ondanks subartikel (1) moet die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant jaarliks die nasionale kwintiele vir openbare skole of deel van sodanige kwintiele bepaal wat deur die Lid van die Uitvoerende Raad gebruik moet word om skole te identifiseer wat nie skoolgelde mag hef nie.”

Skoolbeheerliggame se mantra is dus nou burgerlike deelname en vennootskappe met die staat, ouers, leerders, skoolpersoneel en gemeenskappe. Hierdeur ontvang skole en hul onmiddellike gemeenskappe beduidende seggenskap in besluitneming, met meer mag aan die vennote wat aan demokratiese besluite by skole deelneem. Die vraag ontstaan egter nou of die beheerliggame van skole onder selfbestuur gereed en in staat is om hul skole te beheer en te bestuur, veral wat finansies betref.

1.8.4 Indeling van skole volgens die kwintielstelsel

In die laat 1990's, toe Suid-Afrika 'n nuwe era betree het, het die nuwe regering gelyke finansiële toelaes aan skole probeer fasiliteer (Bush & Heystek, 2006). Dít het egter nie gewerk nie, omdat arm skole nog altyd swaar gedra het aan hul finansiële verantwoordelikheid, terwyl ryk skole meer voordeel daaruit getrek het. Gevolglik is skole in kwintiele verdeel, wat in wese 'n onderskeid tussen arm en ryk skole behels. Die ‘ryk skole’ val in kwintiel 4 en 5, en die ‘arm skole’ in kwintiel 1 tot 3. Laasgenoemde het geenskoolfondsskole geword, terwyl eersgenoemde steeds skoolgeld mag hef, synde 'n bedrag waarvoor ooreengekom word by 'n ouerbeheerliggaamvergadering waar die begroting voorgelê word (RSA, 1996b: art 39(1)–(2)). 'n Uitvoeriger bespreking van kwintiele en geenskoolfondsskole volg later.

1.8.5 Ongelykheid in die onderwysstelsel

Die groot verskille binne die ekonomiese spektrum het nie net die belangrike rol van onderwys in die strewe na gelykheid beklemtoon nie, maar het ook opnuut die klem op finansiële verantwoordbaarheid in die onderwys geplaas (Bates, 1996). Bekommernisse oor gelykheid het skerp toegeneem ná die voormalige Minister van Onderwys, professor Kadar Asmal, se opmerking dat rampspoedige ongelykhede een van die ergste en onrusbarende

karaktertrekke van die onderwysstelsel blyk te wees (Ministerie van Onderwys, 1999). Ná etlike ondersoeke en deeglike oorlegpleging is bevind dat die gaping tussen ryk en arm openbare skole al hoe groter geword het (Motala, 2003:3).

1.9 Kwantitatiewe navorsingsmetode en benadering

Volgens Creswell (2003:13) behels kwantitatiewe navorsing die proses waartydens numeriese data ingesamel, ontleed en vertolk word. Die resultate van 'n kwantitatiewe studie word so geskryf dat dit verenigbaar is met 'n opname of proefondervindelike metodes. Creswell (2003) omskryf 'n opname as 'n ontwerp wat kwantitatiewe of numeriese beskrywings ten opsigte van 'n bevolking se neigings, houdings en opinies bied. Die navorser kan 'n steekproef van die populasie doen en daaruit veralgemenings maak. Die gebruik van 'n vraelys is 'n prakties uitvoerbare metode, omdat dit kostedoeltreffend is en binne 'n kort tydperk aangewend kan word sonder om die betroubaarheid en geldigheid van die studie in die gedrang te bring. Dit is 'n proses wat afgestem is op die ontwikkeling van 'n toetsbare hipotese en teorie wat oor omgewings heen veralgemeen kan word.

Bogdan en Biklen (2006:20) beskryf die geldigheid van kwalitatiewe navorsing soos volg: "In qualitative research, reliability can be regarded as a fit between what researchers record as data and what actually occurs in the natural setting that is being researched, i.e. a degree of accuracy and comprehensiveness of coverage." Volgens Mouton en Marais (1992:174) word kwalitatiewe navorsing beskou as 'n dieptestudie waar die navorser tot die wese en kern van 'n onbekende verskynsel wil deurdring. Dit is ook konteksgebonde, wat impliseer dat die verskynsel in die konteks waarin dit natuurlik voorkom, nagevors moet word.

Die keuse van navorsingsontwerp vir hierdie studie het op kwantitatiewe navorsing geval, omdat vraelyste gebruik sou word om numeriese data te versamel ten einde landelike skole se houdings, neigings en opinies te bepaal.

1.9.1 Aansoek om navorsingsgoedkeuring by die Etiekkomitee van die Universiteit

Die navorser het die etiekvorm van die Universiteit Stellenbosch bekom en dit volgens die voorskrifte voltooi. Dit is op Donderdag 14 Julie 2011 vir goedkeuring by die Etiekkomitee ingedien, vergesel van die toestemmingsbriewe van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die deelnemende skoolhoofde en beheerliggaamvoorsitters onderskeidelik, sowel as die

vraelys en die deelnemertoestemmingsblad. Die navorser het ook toestemming ontvang van die Wynland – Distrikskantoor om binne sy eie skool navorsing te kan doen.

1.9.2 Aansoek om navorsingstoestemming by die Wes-Kaapse Onderwysdepartement

Ook die vorm van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement is bekom en volgens voorskrifte voltooi. Daarna is dit aan dr A Wyngaard in die Navorsingsdirektoraat van die Departement gefaks vir toestemming om die navorsing in die bepaalde skole te onderneem. Die navorsingsvoorstel en -vrae was by die faks ingesluit.

1.9.3 Steekproefneming en keuring van navorsingsdeelnemers

Die navorser het op die Weskus-Wynland-onderwysdistrik besluit, omdat hy met dié distrik vertrouwd is: Hy onderrig self by 'n landelike geenskoolfondsskool in die omgewing. Aangesien die navorser ook in die gebied woon, sou dit kostebesparings meebring.

1.9.4 Die navorsingsterrein

Vir die navorsing is daar op 20 landelike skole in die Weskus-Wynland-onderwysdistrik (kring 1, 2 en 3) gekonsentreer waar die geenskoolfondsbeleid van toepassing is. Hoofde en beheerliggaamvoorsitters van die verskillende skole is gevra om 'n vraelys te voltooi. Die deelnemerskole is almal sedert 2007 geenskoolfondsskole kragtens die bepaling van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement.

1.9.5 Navorsingsinstrument – vraelys

Die vraelys het twee soorte vrae, naamlik oop vrae (ongestruktureerd met vrye respons) en geslote vrae (gestruktureerd met vasgestelde respons), bevat. Die skoolhoofde en voorsitters van die skoolbeheerliggame by bogenoemde 20 skole het elk 'n vraelys met 35 vrae ontvang om vas te stel watter impak en invloed die geenskoolfondsbeleid op die finansiële bestuur en beheer van landelike skole in die Weskus-Wynland-onderwysdistrik (kring 1, 2 en 3) het. Die bevindinge uit die vraelyste is daarna ontleed aan die hand van verskillende veranderlikes, soos biografiese gegewens, beheerliggaamstruktuur en -funksionering, die beheerliggaamvoorsitter en ouerlede van die beheerliggaam se bekwaamheid in die finansiële

bestuur van die skool, en die skoolhoof en ouerlede van die beheerliggaam se bekwaamheid in skoolbeheer. Die vraelys is gestruktureer ten einde meer lig op die navorsingsprobleem te werp. Vrae het van 'ja/nee'-vrae tot Likertskaalvrae gewissel, en is van minder na meer ingewikkeld saamgestel.

1.10 Data-insameling

Vraelyste is met die hand aan respondente oorhandig, met 'n verduideliking van wat van hulle verlang word. Respondente het twee weke ontvang om die vrae te beantwoord, en het die navorser se kontaknommer gehad in geval van enige onduidelikheid. 'n Lys van die respondente se kontakbesonderhede is om dieselfde rede opgestel. Na afloop van die twee weke het die navorser die vraelyste persoonlik van die verskillende skoolhoofde en beheerliggaamvoorsitters ingevorder.

1.11 Kwantitatiewe/statistiese dataontleding

Die navorser het die statistiese ontleding self behartig, met die nodige bystand van sy studieleier met die berekening en vertolking van resultate.

1.12 Datavertolking

Ook die vertolking van data is deur die navorser self onderneem, weereens met die nodige bystand van sy studieleier. In die datavertolking is daar op verwantskappe, verwagtinge, korrelasies en wanbalanse gekonsentreer.

1.13 Betroubaarheid en geldigheid

Die navorser self het die vraelyste versprei en weer ná voltooiing van die onderskeie respondente afgehaal. Die identiteit van skole, skoolhoofde en beheerliggaamvoorsitters word nêrens bekend gemaak nie. Die uitleg van die vraelys het geldigheid bevorder, aangesien dit aan die volgende kriteria van Cohen, Manion en Morrison (2000:261) voldoen het:

- Die vraelys is verbruikersvriendelik opgestel en het ten doel gehad om die invloed en impak van desentralisasie en die inwerkingstelling van die geenskoolfondsbeleid op landelike skole te toets.

- Die meeste vrae was meerkeusevrae, wat deur oop vrae aangevul is.
- Die vraelys is bepaald met die oog op finansiële bestuursake in openbare skole opgestel.
- Verskillende items in die vraelys het verseker dat die nodige data vir die beantwoording van die onderskeie navorsingsvrae ingesamel is.
- Gebrekkige en dubbelsinnige vraagstelling is uitgeskakel.
- Die respondente het riglyne ontvang oor hoe vrae beantwoord moes word.

1.14 Indeling van hoofstukke

Ná hierdie inleidende hoofstuk 1, volg die uitvoerige literatuuroorsig en uiteensetting van die teoretiese raamwerk van die studie in hoofstuk 2. Hoofstuk 3 bevat 'n beskrywing van die navorsingsmetodologie. In hoofstuk 4 word die navorsingsdata ontleed en vertolk, waarna die studie in hoofstuk 5 met bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings afsluit.

1.15 Samevatting

Noudat die navorsingsprobleem, dit wat bestudeer sal word, sowel as die navorsingsmetodes vir die studie kortliks beskryf is, is dit nodig om die literatuur oor desentralisasie in die onderwys sowel as die toepassing van die geenskoolfondsbeleid in skole uitvoerig te bestudeer.

HOOFTUK 2: Desentralisasie en die geenskoolfondsbeleid – ’n literatuuroorsig

2.1 Die omskrywing van Onderwysbeleid

Volgens Mclaughin (2000: 442) word onderwysbeleid gekenmerk deur die volgende dimensies: Dit word beskou as politieke besluite waardeur maghebbers beoog om deur ’n stel voorgeskrewe aksies aan onderwysinstellinge en praktyke vorm te gee. Dit ontstaan en speel uit op verskillende vlakke van die onderwysstelsel, binne verskillende konstekte, en verskillende agente en agentskappe wat wissel van die nasionale, provinsiale tot en met skoolvlak. In die meeste gevalle wissel beleid volgens die omvang van die inhoud en toepassing daarvan. Beleid word ook onderskei tussen drie onderlingverbonde dimensies van onderwysbeleid en –voering, naamlik die proses van onderwysbeleidmaking, die beleid self, en die toepassing en evaluering van die beleid.

2.2 Inleiding en omskrywing van desentralisasie

In die afgelope dekade het desentralisasie as een van die mees prominente vorme van beleidsvoering na vore getree. Desentralisasie kan omskryf word aan die hand van vorm (dit wil sê funksionele aktiwiteite) en vlak (dit wil sê magsoordrag vanaf nasionaal na subnasionaal en plaaslik). Onderwysdesentralisasie is dikwels die produk van groter administratiewe en politieke desentralisasie. Dit lei tot groot veranderinge in die manier waarop skoolstelsels gereël, beleid geformuleer, inkomste geskep, geld bestee, skole bestuur en die kurrikulum ontwikkel en aangebied word (Fiske, 1996). Uit ’n ekonomiese oogpunt hou desentralisasie verband met die ‘vermarking’ (“marketisation”) en druk vir die privatisering van onderwys, met groter burgerlike deelname aan die finansiering en beheer van onderwys en besluitneming. Voorts gaan dit gepaard met verskuiwings in gesag en beheer vanaf een onderwysorganisasie en vlak na ’n ander. Die vier vlakke waartussen die verskuiwings plaasvind, is die sentrale regering, provinsiale staats- of streeksbeheerliggame, munisipale of distriksregerings, en skole (Welsh & McGinn, 1999). (Bisschoff & Mestry (2009) omskryf desentralisasie as skole onder selfbestuur, waar die staat sy verantwoordelikheid aan skole oordra aan die hand van ’n gesamentlike besluitnemingsmodel wat verskillende belanghebbendegroepe betrek. Caldwell en Spinks (1998) beskryf desentralisasie as ’n groot verskeidenheid besluitnemingsmagte wat nou die skool se verantwoordelikheid word. Desentralisasie is die verskuiwing van die mag van diegene wat beheer uitoefen, en die oordrag van gesag van een vlak na ’n ander. Dit versterk demokrasie,

omdat mag van sentrale vlak na plaaslike beheerliggame verplaas word, wat besluitneming dus nader aan die mense bring Caldwell en Spinks (1998). Beckmann (2000:8) dui op die belang van verantwoordbaarheid waar mag uitgeoefen, hulpbronne gebruik en beleid in werking gestel word. Sodanige verantwoordbaarheid hou verband met demokratiese bestuur en ander, soortgelyke konsepte, soos deelname, desentralisasie, bemagtiging en deursigtigheid (Beckmann (2000). UNESCO (2005) beskryf desentralisasie as die oordrag van alle of gedeeltelike besluitneming, verantwoordelikheid en bestuur vanaf die sentrale gesag na streke, provinsies of plaaslike owerhede (distrikte, munisipaliteite en gemeenskappe).

Vir Bray (1996:43) beteken desentralisasie die proses waardeur verantwoordelikhede en die gepaardgaande besluitnemingsmagte vir spesifieke funksies vanaf hoër na laer vlakke van die regering en maatskappye afgewentel word. Bray (1996) reken die aanloklikheid van gemeenskapsfinansiering lê, uit 'n amptelike oogpunt, daarin dat dit die regering van die verleenthede verbonde aan onderwysfinansiering kan red.

Die belangrikste argumente ten gunste van desentralisasie kan in twee kategorieë verdeel word, naamlik ekonomies, met die klem op meer hulpbronne, groter doeltreffendheid en relevansie, en polities, met die klem op demokratiese deelname en groter gelykheid, billikheid en stabiliteit. Die navorser reken desentralisasie vind wél in Suid-Afrikaanse skole plaas, maar dis nie 'n uitgemaakte saak dat beheer en bestuur doeltreffend is nie. Veral by landelike skole waar die geenskoolfondsbeleid toegepas word, sukkel beheerliggame (ouers) weens ongeletterdheid en min of geen kennis en vaardighede in die beheer en bestuur van skole, veral wat finansies betref.

Motimele (2005:12) beklemtoon byvoorbeeld die verwagting dat lae-inkomste-gebiede oor minder ouers met finansiële bestuursvaardighede sal beskik: "Some SGBs are not working properly, as they do not have the necessary skills and they are not sure about their roles and responsibilities. This mostly happens in poorer communities, where people have few resources and maybe cannot read and write". Finansiële komitees kan dus slegs 'n beperkte uitwerking op hierdie skole hê. Maile (2002:329) merk weer op dat ongeletterdheid by beheerliggaamlede, veral in landelike gebiede, tot hul ondoeltreffendheid kan bydra.

2.3 Doel met, en rede vir, desentralisasie in die onderwys, en die gepaardgaande verantwoordelikheid van die skoolbeheerliggaam

Reeds voor 1994 het die desentralisasie van die onderwys tot gevolg gehad dat 'n groter mate van gesag na plaaslike owerhede afgewentel is, wat groter ouerseggenskap en gemeenskapsbetrokkenheid in die onderwys meegebring het (Welsh & McGinn, 1999). Die totstandkoming van desentralisasie is oor die algemeen daarop afgestem om die regering meer responsief en verantwoordbaar te maak wat mense se eise en behoeftes betref, en om besluitneming nader te bring aan die mense wat daardeur geraak word (UNDP, 2003; Wêreldbank, (2002). In die 1980's was verantwoordbaarheid 'n baie belangrike dryfveer toe ekonomiese argumente ten gunste van desentralisasie geopper is (Samoff, 1990). Groter verantwoordbaarheid is gelykgestel met beter prosesdoeltreffendheid, kostedoeltreffendheid en keuses. Dit is ook as 'n mobiliseringshulpbron op laer vlak beskou – 'n gewilde tema in die 1980's, omdat daar van regerings verwag is om hul uitgawes te besnoei. Die aandagverskuiwing na die gemeenskap het skole nou meer verantwoordelik teenoor ouers, leerders en die gemeenskap gemaak. In Suid-Afrikaanse onderwysverband is die strategie van desentralisasie grootliks op artikel 21-skole toegepas. In pas met die internasionale benadering van skoolgebaseerde bestuurstelsels, het dié skole groter finansiële verantwoordelikhede en besluitnemingsmagte ontvang. Die beleidsraamwerk vir onderwys (RSA, 2006), wat met die Skolewet (RSA, 1996b) en die Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (RSA, 1998) ooreenstem, moedig alle ouers, opvoeders, leerders en die gemeenskap aan om 'n aktiewe rol te speel om te verseker dat die staat se hulpbronvoorsiening aan skole onderrig en leer van gehalte teweegbring (Thwala, 2010:29). Ooreenkomstig desentralisasiebeleid moet alle openbare skole, ook dié in arm gemeenskappe, 'n rol speel in die doeltreffende bestuur van hulpbronne deur skoolgebaseerde bestuurstrukture (Departement van Onderwys, 2003:36). Dié desentralisasie het ook meegebring dat nuwe, bykomende finansieringsbronne vir die onderwys gevind moes word (Welsh & McGinn, 1999). Een van die opvallendste kwessies van desentralisasie in die onderwys is die oordrag van die verantwoordelikheid vir finansies en onderwys van gehalte aan skole deur middel van artikel 36 van die Skolewet (RSA, 1996b). Dié artikel lui soos volg:

- (1) *'n Beheerliggaam van 'n openbare skool moet alle redelike maatreëls binne sy vermoë tref om die hulpbronne deur die Staat voorsien aan te vul ten einde die gehalte van onderwys wat deur die skool aangebied word aan alle leerders by die skool, te verhoog.*
- (2) *Ondanks subartikel (1) mag 'n beheerliggaam nie sonder die skriftelike goedkeuring van die Lid van die Uitvoerende Raad 'n lenings- of oortrekkingsooreenkoms aangaan ten einde die skoolfonds aan te vul nie.*
- (3) *Indien 'n persoon sonder die goedkeuring van die Lid van die Uitvoerende Raad geld aan 'n openbare skool leen of 'n oortrekking aan 'n openbare skool toestaan, sal die Staat en die openbare skool nie aan die geldleenkontrak of oortrekkings-ooreenkoms gebonde wees nie.*

Hier verskuif die Departement dus sy verantwoordelikheid na die beheerliggaam van 'n skool om twee belangrike aspekte in die onderwys, naamlik finansies en kwaliteit onderwys van gehalte, te hanteer. Daardeur kry skoolouers die groot verantwoordelikheid van die opstel en goedkeuring van 'n skool se begroting; die bestuur van skoolhulpbronne; die bepaling van skoolgeld, as dit gehef word, sowel as die vrystelling van ouers van die betaling van skoolgeld (WKOD- Menslikekapitaal, 2006:12). In plaas daarvan dat beheerliggame dien as bron om burgerlike (ouer-) samewerking te bewerkstellig, word hulle dus nou met bestuursverantwoordelikhede belas (Ahmed & Sayed, 2009).

Die regering reken dat doeltreffende skemas van plaaslike finansiële bestuur onderrig en leer sal verbeter, omdat dit skoolbeheerliggame en skoolhoofde in staat stel om hul hulpbronne maksimaal vir hul eie behoeftes en prioriteite aan te wend (Young, 1989:179). Volgens Pietersen (2007:45) is dit uiters belangrik dat gemeenskapslede in 'n land met 'n demokratiese politieke bestel aan besluitnemingsprosesse deelneem. Ouers, leerders en ander skoolbetrokkenes se geleentheid tot deelname deur middel van skoolbeheerliggame maak dus 'n belangrike element van die onderwysstelsel – en algehele demokratiese bestel – in Suid-Afrika uit. Dit is deel van 'n tradisie van plaaslike beheer oor, invloed op, en betrokkenheid by die sake en aktiwiteite van individuele skole (Pietersen (2007).

Ouers se belange in openbare skole setel in die skoolbeheerliggaam. Die beheerliggaam word ingevolge artikel 28 van die Skolewet (RSA, 1996b) verkies. Die skoolbeheerliggaam in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel word deur die Skolewet tot stand gebring en is 'n

meganisme van demokrasie en desentralisasie van besluitneming in die onderwys. Die werksaamhede van die beheerliggaam van 'n openbare skool word soos volg in artikel 20 van die Skolewet (RSA, 1996b) vervat:

1) Behoudens hierdie Wet moet die beheerliggaam van 'n openbare skool:

(a) die beste belange van die skool bevorder en poog om die ontwikkeling daarvan te verseker deur die voorsiening van onderwys van gehalte aan alle leerders in die skool;

...

(b) die prinsipaal, opvoeders en ander personeel van die skool ondersteun in die verrigting van hul professionele werksaamhede;

...

(c) die skool se eiendom, asook die geboue en gronde deur die skool beset, met inbegrip van koshuise, administreer en beheer ...

...

(d) alle ander werksaamhede wat by of kragtens hierdie Wet aan die beheerliggaam opgelê word, verrig; en

...

(2) Die beheerliggaam kan die redelike gebruik van die fasiliteite van die skool vir gemeenskaps-, sosiale en skoolfonds-insamelingsdoeleindes toelaat, onderworpe aan sodanige redelike en billike voorwaardes as wat die beheerliggaam mag bepaal, wat die heffing van gelde of tariewe vir die skool se voordeel kan insluit.

...

(9) Wanneer die jaarlikse begroting soos beoog in artikel 38 aangebied word, moet die beheerliggaam van 'n openbare skool voldoende besonderhede van enige poste wat beoog word ingevolge subartikels (4) en (5) aanbied, met inbegrip van die geskatte koste betreffende die aanstelling van personeel in sodanige poste en die manier waarop die voorgestelde koste betaal sal word.

Die beheerliggaam van 'n openbare skool kan om die toegewese werksaamhede van skoolbeheerliggame aansoek doen wat soos volg in artikel 21 van die Skolewet (RSA, 1996b) vervat is, onderworpe aan die goeddunke van die Lid van die Uitvoerende Raad in die provinsie:

21 Toegewese werksaamhede van beheerliggame

(1) Behoudens hierdie Wet, kan 'n beheerliggaam skriftelik by die Departementshoof aansoek doen om enige van die volgende werksaamhede toegewys te word:

- (a) Die instandhouding en verbetering van die skool se eiendom, asook die geboue en gronde deur die skool beset, met inbegrip van koshuise, indien van toepassing;*
- (b) die bepaling van die buitemuurse kurrikulum van die skool en die keuse van vak-opsies ingevolge die provinsiale kurrikulumbelid;*
- (c) die aankoop van handboeke, opvoedkundige materiaal of uitrusting vir die skool;*
- (d) betaling vir dienste aan die skool; ...*

Diegene wat 'n direkte belang by die skool het, kan dus inspraak lewer in die voorsiening van doelmatige en doeltreffende onderwys. In die lig daarvan dat skole met openbare geld onderhou word, is dit dan ook regverdig om te verwag dat diegene wat vir die opvoeding en ontwikkeling van kinders verantwoordelik is, soos onderwysers en skoolhoofde, aan die verteenwoordigers van die gemeenskap moet verantwoording doen. Beheerliggame sluit dus 'n element van gemeenskapsbetrokkenheid by die bestuur van die skool in, en staan in 'n vertrouensposisie teenoor die skool (RSA, 1996b: art 16(2)). Om 'n lid van 'n beheerliggaam te wees is dus om 'n openbare plig te verrig en 'n openbare diens te lewer.

Volgens Stewart & Holtham (1989:37) beteken gedentraliseerde hulpbronbestuur nie dat bestuurders toegekende begrotings kan misbruik nie. Begrotings en finansies is daar om bestuursdoelwitte te bereik, en die bestuursdoelwit moet wees om die beleidsdoelwitte te verwesenlik, Stewart & Holtham (1989). Gedentraliseerde skoolfondse is bedoel om die kurrikulum en onderrigprogramme, klaskamer- en skoolorganisasie, en skoolpersoneel en hulpbronne te finansier (Odden, 1999:159). Skole moet nou besin oor hoe hulle hul besluitnemingsprosesse sal aanpas om hul nuwe verantwoordelikhede en geleenthede, soos die oordrag van finansiële verantwoordelikhede, te hanteer (Levacic, 1989:73). In die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel moet alle finansiële en bestuurskwessies van openbare skole ingevolge die Skolewet (RSA, 1996b) geregleer en bestuur word. Artikel 21 van die Wet

maak voorsiening vir die desentralisasie van finansiële verantwoordelikhede na skoolgebaseerde strukture soos skoolbeheerliggame. Dít impliseer dat toekennings ingevolge die Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (RSA, 2006 aan alle artikel 21-skole, ook dié met geenskoolfondsstatus, gemaak word.

Die proses van desentralisasie beïnvloed die onderwysstelsel op baie gebiede: Onder andere kan dit die gehalte van onderrig en leer verbeter, omdat besluite nou met die oog op die inwerkingstelling van bepaalde beleid geneem word, en kan dit ook die interne funksionering van opvoedkundige instellings versterk (Bisschoff & Mestry, 2009). Prinsloo (2009:356) voer aan dat die inwerkingstelling van skoolbeheerliggame as sulks 'n desentralisasie van mag in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel teweeggebring het. Alhoewel dié desentralisasie tot 'n verhoging in die demokratiese deelnemingsproses in skoolbeheer kán lei, is dit egter nie noodwendig die geval nie. Die staat het steeds beheerliggame se magte deur middel van wetgewing en nuwe onderwysregulasies probeer beperk. Mestry (2004:1) reken die Skolewet bevat voorskrifte om aan skoolbeheerliggame en skoolhoofde hul rolle en verantwoordelikhede met betrekking tot skoolfinansies te verduidelik. Tog dra sommige beheerliggame en skoolhoofde weinig kennis van die Skolewet, en is daar selfs beheerliggame wat die Wet verkeerd vertolk, wat tot wanbestuur in baie skole lei. Wanneer probleme ten opsigte van die hantering van finansies boonop na die Departement van Onderwys verwys word, bly die versoeke meermale onbeantwoord. Die Departement bied ook geen duidelike, vasgestelde riglyne ten opsigte van begrotings en begrotingsbeheer nie, en dus het sommige skole geen kennis daarvan nie.

Artikel 21 van die Skolewet (RSA, 1996b) het deur middel van desentralisasie groot mag, beheer en verantwoordelikhede aan ouers gegee om besluite te neem oor die toekenning van hulpbronne aan die hand van 'n spesifieke raamwerk. Caldwell en Spinks (1998:814) meen egter dat daar binne desentralisasie twee argumente na vore tree, naamlik kommer oor verantwoordbaarheid, en prioriteite vir hulpbrontoekenning in tye van ekonomiese agteruitgang en beperkte begrotings. Alhoewel die verskynsel van skole onder selfbestuur reeds gevestig is in lande soos Engeland, Wallis, Australië, Kanada, Nieu-Seeland en Amerika, kan die doeltreffendheid daarvan nie in Suid-Afrika gewaarborg word nie. Soos Bush (1995:4) sê: Skole onder Stewart & Holtham (1989) selfbestuur word meermale beskou as doeltreffende en vooruitstrewende skole, maar baie hang af van die gehalte van die

interne bestuurstruktuur om die ware voordele van die onafhanklikheid van selfbestuur te ervaar (Bush, Coleman & Thurlow, 2003:23).

2.4 Die invloed van desentralisasie op die onderwys

Die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika en die verkiesing van 'n nuwe regering het hoop geskep dat interprovinsiale en administratiewe verhoudings sal verander en verbeter. Die land het 'n finansiële en Fiskale Kommissie gestig wat begin het om die verantwoordelikheid vir maatskaplike voorsiening aan die nege provinsies oor te dra (Taylor, 2001).

Die Skolewet (RSA, 1996b) bepaal dat sekere skoolbetrokkenes, dit wil sê skoolpersoneel, ouers en leerders, gekies moet word om die beheerliggaam te vorm. Die beheerliggaam kan besluite neem met betrekking tot die kurrikulum, personeel, begroting, finansies en die skoolkalender. Alle besluite is egter onderworpe aan nasionale en provinsiale riglyne, wat uiteindelik meebring dat die beheerliggaam weinig werklike mag het. Personeelaangeleenthede soos salarisse word nasionaal onderhandel; aanstellings- en bevorderingstandaarde word weer deur provinsiale beleid gereguleer. Volgens Coopers en Lybrand en vennote (1988:78–79) het die desentralisasie van finansiële verantwoordelikhede en besluitnemingsmagte na skole tot gevolg dat delegasie nou 'n groter rol in die administratiewe werkklas op skoolvlak speel. Besluitneming dek alle aspekte van skoolaktiwiteite, onder andere die bepaling van doelstellings, die voorbereiding van begrotings en sakeplanne, die monitering van vooruitgang en prestasie, sowel as 'n ooreenkoms oor kwessies wat hersien moet word. Beheerliggaamlede vervul nou 'n beduidende rol wat die Stewart & Holtham (1989) kontrole van hulpbronbestuur betref. Elke skool is nou verplig om hul bedrywighede te beplan om hul opvoedkundige doelwitte binne hul geraamde kontantvloei en algemene beleid en riglyne te bereik. Skole moet flink op veranderinge in hulpbronne reageer namate leerdertalle verander. Die uitvoering van skole se bedryfsplanne en begrotings sal nagegaan moet word om vordering te meet. Ook skole se aktiwiteite en prestasies sal gemoniteer moet word om dit met hul begrotings te versoen (Coopers & Lybrand en vennote, 1988).

Desentralisasie in die onderwys kan volgens sommige (Desentralisasie van onderwys: Nasionale beleide Praktyke, 12) kontinuïteit, administratiewe doeltreffendheid, finansiële

bestuur, die gehalte en toeganklikheid van dienste en die ontwikkeling van politieke verantwoordbaarheid in die algemeen verbeter. Ouers, skoolhoofde en onderwysers glo dat 'n gedesentraliseerde onderwysstelsel doeltreffender en meer relevant vir plaaslike prioriteite sal wees en sterk familiedeelname sal aanwakker, wat 'n belangrike faktor is in demokrasie. Regerings met ernstige finansiële probleme behoort veral belang te stel in die potensiaal van desentralisasie en die moontlikhede wat dit as proses inhou. Stelsels van kosteherstel, soos gemeenskapsfinansiering, bied vir sentrale regerings 'n uitweg vir die verspreiding van die finansiële verantwoordelikhede verbonde aan die voorsiening van opvoedkundige dienste. Ook munisipaliteite word hier betrek wat betref geldelike hulp aan skole in nood. 'n Plan van hoe en waaraan geld bestee sal word, moet egter vooraf ingedien word.

Conradie (2001:87) dui daarop dat die toewysing van staatsgeld volgens die vyf kwintiele regverdig is, maar wél baie druk plaas op die beheerliggame van skole in die boonste twee kwintiele om deur middel van verhoogde skoolfonds en ander geldinsamelings vir hierdie verlore inkomste te vergoed. Serrao (2007:6) berig dat skoolhoofde van sommige van die beste openbare skole in Gauteng erken het dat hul skole ernstige finansiële probleme ondervind weens die wyse waarop die staat skole finansier. 'n Skoolhoof van 'n hoog aangeskrewe skool in die noorde van Johannesburg vertel byvoorbeeld dat sy skool in ernstige finansiële nood verkeer. Die skoolhoof verduidelik dat 'n aan geld tot minder beheerliggaamposte, meer leerders in klasse, en 'n verlaging in akademiese standaarde lei. Die skool se onmiddellike gemeenskap kan dus na sy mening nie as 'n akkurate aanwyser dien in die bepaling van die beskikbare inkomste om die skool te ondersteun nie (Serrao, 2007).

Verlaagde finansiering vanaf die staat lei tot finansiële spanning, wat die verhouding tussen die skoolhoof en die beheerliggame kan versuur en só die vertrouensverhouding en wedersydse ondersteuning tussen hulle kan benadeel. Heystek (2004:310) verwys byvoorbeeld na gevalle waar daar in die media oor swak verhoudings tussen skoolhoofde en skoolbeheerliggame, en die negatiewe uitwerking daarvan, berig is: 'n skoolhoof en beheerliggame wat mekaar amptelik van wanbestuur aankla (Twis tussen skoolhoof en bestuursraad, 2001:7), en skoolhoofde wat ongelukkig voel oor ouers in beheerliggame wat ál die besluite wil neem (“this might even have contributed to the suicide of a principal”) (We're the bosses ..., 2001:3).

In 'n ondersoek deur Tsoku (2004:2) is bevind dat sommige beheerliggaamlede nie tussen beheer en bestuur kan onderskei nie. Beperkte tyd sowel as ongeletterdheid speel ook 'n rol wanneer beheerliggaamlede opleiding ontvang. Van Wyk (2004) se ondersoek bevind weer dat daar 'n besorgdheid bestaan dat hoofde beheerliggame domineer. Ook volgens Mekentane (2003) se studie speel opvoeders en hoofde soms 'n oorheersende rol oor beheerliggame.

Die vraag ontstaan dus of die desentralisasiebeleid demokrasie en mag bevorder, en of dit net 'n proses is om onderwys mettertyd te privatiseer (Ahmed & Sayed, 2009:212). Ahmed en Sayed (2009:213) meen ook dat twee kwessies met betrekking tot beheer uitgewys kan word. Eerstens hou beheer volgens dié navorsers eerder met bestuur as met demokratisering verband. Die verantwoordelikheid vir finansies en gehalte word dus as 'n bestuursfunksie eerder as 'n bemagtigingsfunksie aan skole oorgedra. Tweedens verloor beheerliggame van verskillende skole met verskillende omstandighede, agtergronde en leerdersamestellings uit die oog dat arm mense in die gemeenskap steeds bygestaan moet word, en ignoreer hulle dit in hul strewe na sukses (Ahmed & Sayed, 2009:213) – dít terwyl beheerliggame oor beduidende besluitnemingsmagte beskik met betrekking tot die vrystelling van ouers van die betaling van skoolgeld, die besluit om skoolgeld te hef of nie, en die bepaling van hoeveel skoolgeld sal wees. Dít kan dus die indruk wek dat beheerliggame op uitsluiting eerder as insluiting ingestel is (Sayed & Soudien, 2003).

Onderwysdesentralisasie en -beplanning in die algemeen laat 'n mens wonder in watter mate besluitneming met betrekking tot die onderskeie vlakke of tipes onderwys (primêre, sekondêre, hoër-, preprimêre en volwassene-onderdig) gedentraliseer moet word, en hoe verantwoordelikhede vir die ontwikkeling van die kurrikulum, onderrigmetodes, assessering, handboeke, die produksie en verspreiding van hulpbronne, indiensneming en vergoeding van opvoeders, skoolgeboue en instandhouding, kommunikasie tussen ouers en opvoeders, ensovoorts toegeken behoort te word (UNESCO, 2003).

Vir die Wêreldbank (2003) is desentralisasie sinoniem met privatisering en die aktiewe deelname van gemeenskappe aan toesig oor skoolbestuur en die indiensneming en vergoeding van opvoeders. UNESCO (2003) meen dat die proses van gedentraliseerde mag in die toekoms ongelykhede in die finansiering en die gehalte van onderwys en die werksomstandighede van onderwysers tussen streke/provinsies sal vermeerder. Hulle glo dat sentrale regerings dan vry sal wees van verantwoordelikheid teenoor plaaslike administrasies

(munisipaliteite) en gemeenskappe, sonder om enige noodsaaklike dienste en hulpbronne aan die arm en meer benadeelde streke te voorsien. Hulle glo ook desentralisasie sal groter gelykheid verseker deur middel van vergoeding en kontrole oor hoe hulpbronne toegeken word. Daarbenewens sal dit beskerming bied teen privatisering, en 'n stabielere vorm van politieke en demokratiese beheer bied as wat plaaslike owerhede voorsien. (UNESCO, 2003)

Die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram (UNDP) (2003:137) beskryf desentralisasie as die geneigdheid om suksesvol te wees indien die sentrale regering stabiel, regverdig en toegewyd is aan die oordrag van verantwoordelikhede en hulpbronne; indien plaaslike regerings daardie verantwoordelikhede eerbiedig en aanvaar, en indien doeltreffende deelname deur arm mense sowel as goed georganiseerde gemeenskapsorganisasies plaasvind.

2.5 Desentralisasie en skoolfinansies

Volgens Naidu en kollegas (2008) is die volgende nodig om 'n skool se finansies en hulpbronne doeltreffend te bestuur: 'n visie van waarheen die skool op pad is; 'n klem op resultate, met prestasie en koste in pas met mekaar, en kritiese en analitiese benaderings tot kwessies en probleme. Beheerliggame moet ook oor die volgende beskik om skoolproduktiwiteit te verbeter: 'n finansiële rekeningkundige agtergrond en vaardigheid in die byhou van finansiële rekords van alle transaksies, die opstel en bestuur van begrotings, kostebestuur, hoe om inkomste te skep, beleidvorming, betalings en prosedures (Naidu *et al.*, 2008). Hierdie studie het dan ook probeer vasstel of die skoolhoofde en beheerliggame in die steekproef oor hierdie vaardighede beskik en watter invloed dit op die finansiële bestuur van skole het.

Die manier waarop 'n skool georganiseer is, hoe opvoeders onderrig aanbied sowel as hoe interaksie tussen ouers en die skool plaasvind, beïnvloed die gehalte van onderrig (USAID, 2009). Volgens Sayed (2002:43) ontstaan die probleem daar waar demokrasie as gedeeltes skoolbestuur beskou word en waar prosesse soos die bepaling van skoolgeld, rasse- en politieke oorwegings en die samestelling van die personeelkorps plaasvind. Sayed (2002:43) haal twee voorbeelde aan van waar konflik oor bogenoemde kwessies ontstaan het, naamlik in 'n skool op Vryburg in Limpopo sowel as die Primêre Skool The Grove in die Wes-Kaap (Sayed, 2002:43).

Ouers moet bemagtig word deur aan hulle inligting te verskaf oor die skool se vordering aan die hand van voorgeskrewe standaarde of riglyne. Desentralisasie sal ouerdeelname deur middel van skoolbeheerliggame aanwakker, welke liggame hoër verwagtinge van die skool sal koester en druk op opvoeders en die skool sal plaas om daaraan te voldoen. Skoolbestuur se skoolafhanklikheid kan skoolhoofde die reg en verantwoordelikheid gee om skole doeltreffend te bestuur. Goeie leierskap deur skoolhoofde kan skoolgebaseerde hervorming teweegbring. Sodoende sal die skoolhoof die skoolgemeenskap en opvoeders goed bestuur en lei (Sayed, 2002). Berkhout, Van Wyk & Waghid (2006:110) reken egter dat die daarstelling van gedesentraliseerde strukture of nuwe prosedures vir deelname aan beplanning en administrasie nie altyd 'n waarborg bied dat dit doeltreffend sal wees of groter ekonomiese groei en maatskaplike billikheid sal skep nie. Dit sal ook nie noodwendig groter demokrasie of 'n verandering in verhoudings van politieke en sosiale mag teweegbring nie (Berkhout, Van Wyk & Waghid, 2006).

Skoolvlakdesentralisasie gaan altyd gepaard met beleid oor opvoeders, ouers en skoolhoofde waarvolgens skoolverbeteringsplanne gesamentlik voorberei word, met geld wat die Onderwysdepartement verskaf. Die gesamentlike voorbereiding van dié planne kan konsensus en 'n samewerkingsgevoel, groter visie, en toewyding aan die strewe na gehalte teweegbring. Dit is 'n geleentheid vir die skoolhoof om sy visie en missie saam met skoolouers te ontwikkel. Ouerbetrokkenheid deur desentralisasie behels ook dat ouers die skool deur hul deelname bemark. Op formele vlak neem ouers aan skoolvergaderings deel en kies sodoende hul verteenwoordigers in die beheerliggaam. Op informele vlak word ouers aangemoedig om belangstelling te toon in die skool se finansies en hul kind se opvoeding, en om geld te skenk ter ondersteuning daarvan.

Desentralisasie beïnvloed nie doeltreffende onderrigtyd nie, maar kan wel 'n ingrypende uitwerking op opvoederafwesigheid hê (USAID, 2009). Ouers kan druk op opvoeders plaas deur opvoederafwesigheid te moniteer om dit sodoende te probeer verminder. Die beheerliggaam moet die belange van die skool bevorder en die ontwikkeling van die skool probeer verseker deur die voorsiening van onderwys van gehalte aan alle leerders in die skool (RSA, 1996b). Watter verskil sal dit egter maak as skole nie onder 'n beheerliggaam funksioneer nie? Sonder 'n beheerliggaam sal verantwoordbaarheid direk aan die plaaslike onderwysowerhede oorgedra word. In 'n gevallestudie deur Segoati (2002) is daar bevind dat ouers nie tot die finansiële bestuur van die skool kon bydra nie weens 'n gebrek aan

vaardighede en kennis, sowel as dat opleiding nie gehelp het om hul vaardighede te verbeter nie. Dus sal alle administratiewe en opvoedkundige sake direk tussen die skool en die Onderwysdepartement hanteer moet word. Dit sal in wese openbare betrokkenheid uitsluit, en die geleentheid vir ouers en gemeenskapslede om 'n invloed te hê, sal verlore wees.

Tog waarsku Bray & Lillis (1988) dat gemeenskapsdeelname nie blindelings as die antwoord op alle probleme aanvaar moet word nie, aangesien gemeenskapsaksies dikwels swak georganiseer is, tot swak gehalte in skole kan lei, en soms selfs amptelike pogings teenwerk om geografiese en maatskaplike ongelykhede uit die weg te ruim. Dit is dus riskant om gemeenskapsinisiatiewe sonder meer as die wondermiddel vir alle onderwysprobleme te beskou. Beheerliggame kan egter nie net doen wat hulle wil nie. Ongelukkig is die ware aard van hul magte en funksies onduidelik. Volgens Pietersen (2007) kan die maatreëls wat in die Skolewet (RSA, 1996b) verskyn in menige gevalle verskillend vertolk word, en dus sukkel lede van beheerliggame dikwels om hul magte te verstaan. Vir 'n behoorlike begrip van hul magte, moet beheerliggame die wetsdokumente waarin hul bevoegdhede en funksies vervat is die Onderwysdepartement en skoolhoofde deurwerk. Ongeag pogings om die magte en funksies van beheerliggame te wysig en te versterk, bestaan daar altyd die element van onsekerheid oor presies wat hierdie magte en funksies behels. Voorts hang die vertolking van enige wetgewing hoofsaaklik af van die presedent wat deur vorige gevalle geskep is. Selfs in sulke gevalle moet elke individuele saak volgens sy eie, unieke omstandighede beoordeel word. Dit kom dus daarop neer dat dit wat bestuurslede kan en nie kan doen nie, en die magte waaroor hulle beskik of nie beskik nie, hoofsaaklik van die individuele situasie afhang. Dit maak dit egter in baie gevalle moeilik vir beheerliggame lede om hul magte of bevoegdhede uit te voer. Bullock en Thomas (1997) se studie oor die rol van skoolbeheerliggame in 11 verskillende lande, en die wyse waarop beheerliggame hul verantwoordelikhede nakom, bevestig hierdie onseker posisie.

Bullock en Thomas (1997) het ook die beheerliggame se betrokkenheid by skoolsake beoordeel. Terwyl die meeste beheerliggame baie ondersteunend was, bevraagteken die navorsers of hierdie ondersteuning altyd genoeg is. In sommige gevalle het hulle selfs bewyse gevind waar beheerliggaambetrokkenheid bloot in die vorm van 'n 'rubberstempel' geskied. Lede van skoolbeheerliggame beskou hulself dikwels as amateurs in teenstelling met die professionaliteit van die skoolhoof. In die studie het talle onderwysers ook kommer uitgespreek oor beheerliggame se gebrek aan kennis oor die onderwys, en oor hoe hulle

in wese bloot die besluitnemingsproses vertraag. Die klem het ook geval op die oneweredige verspreiding van bekwame beheerliggaamlede, en die moontlike gevolge wat dit kan hê vir skole se vermoë om die hulpbronne wat aan hulle toegeken is, verantwoordelik te benut. (Bullock & Thomas, 1997) Bevindinge soos dié gee te kenne dat skoolbeheerliggame in baie gevalle nie juis verantwoordbaar is nie. Dit is dan ook 'n goeie voorbeeld van hoe beleidsvoornemens en wetsraamwerke en -verantwoordelikhede soms tot 'n algeheel ander praktyk lei as wat aanvanklik beoog is.

Suid-Afrika spog met 'n Grondwet wat by van die mees demokratiese grondwette ter wêreld kers vashou, maar in die praktyk het diegene wat basiese grondwetlike regte die nodigste het, soos kinders, nie toegang daartoe nie (Armste Suid-Afrikaanse kinders ..., 2007:6). Bykans 22,5 miljoen Suid-Afrikaners (17,1 miljoen in 1996) leef in relatiewe armoede, met 'n maandelikse inkomste van minder as R871 (Armste Suid-Afrikaanse kinders ..., 2007:1). Die ANC-kongres in Polokwane het erken dat opvoeding een van die doeltreffendste maniere is om armoede hok te slaan (Positive signs for education, 2008:6). Daar is besluit om stelselmatig gratis onderwys aan arm mense beskikbaar te stel, en onder meer dat 60% van alle skole in 2009 geenskoolfondsskole moes wees. Onderwys in Suid-Afrika voor 1994 was volgens ras gestruktureer om leerders van verskillende rassegroepe voor te berei vir dit wat in die apartheidsera van hulle verwag is. Die hoofeienskappe van apartheidsonderwys was onder meer ongelyke toekenning van geld aan skole, verskille in kurrikula, en lae onderwysstandaarde en beperkte toegang tot hoër onderwys vir swart mense.

Elkeen het ingevolge artikel 29(1)(a) van die Grondwet 108 van 1996 (RSA, 1996a) 'n reg teen die staat om hom/haar van basiese onderwys te voorsien: Elkeen het die reg op opvoeding. Artikel 36(1) bevat wel sekere beperkings (RSA, 1996a), maar dit neem niks van die individu se reg weg nie. Geen kind wie se ouers nie skoolgeld kan betaal, sal in Suid-Afrika van sy/haar reg op onderwys ontnem word of aan hofgedinge deur die skool blootgestel word nie (Oosthuizen & Rossouw, 2001:655672). Artikel 26(1) van die Universele Verklaring van Menseregte bepaal dat basiese onderwys gratis verskaf moet word: "Everyone has the right to education" en "Education shall be free at least in the elementary and fundamental stages" (Oosthuizen & Rossouw, 2001:662). Ook artikel 28(1)(a) van die Konvensie oor Kinderregte (1989) bepaal dat basiese onderwys gratis verskaf moet word. Ander handveste in die internasionale arena waarborg ook gratis onderwys.

Wat egter in die 1993- en 1996-teks van die Grondwet ontbreek, is die byvoeglike naamwoord ‘gratis’ voor die selfstandige naamwoord ‘onderwys’. Die reg op basiese onderwys sluit ingevolge ons Grondwet dus nie noodwendig gratis onderwys in nie (Malherbe, 1995:2). Hieruit kan ’n mens aflei dat basiese onderwys nie gratis is nie, maar wel afdwingbaar. In 2006 het die Minister van Onderwys egter in pas met die Wysigingswet op Onderwyswette (RSA, 2005) die beleid van ‘geenskoolfondsskole’ in arm gemeenskappe neergelê. Ten einde die stygende koste van onderwys vir ouers met beperkte finansiële vermoëns te bekamp, is die Skolewet (RSA, 1996b) gewysig om vir die instelling van hierdie skole, dit wil sê openbare skole wat nie verpligte skoolgeld mag hef nie, voorsiening te maak.

2.6 Die finansiering van openbare skole – die Suid-Afrikaanse Skolewet (hoofstuk 4) en ander wette

Hier onder volg ’n oorsig van die staat se verantwoordelikheid teenoor skole, die bepaling van geenskoolfondsskole, die Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing, die kwintielstelsel in skole, skoolfondse en -bates, nie-artikel 21- en artikel 21-skole, geenskoolfondswette, die gebruik van die Norme en Standaarde-toekenning, en die rol van die beheerliggaam in skole – alles aan die hand van tersaaklike statute.

2.6.1 Die verantwoordelikheid van die staat

Onderwysfinansering deur die staat verskil van land tot land, en word die afgelope twee eeue deur politieke en godsdienstige faktore beïnvloed (Berkhout & Berkhout, 1992:5). Die staat tree as finansieringsbron op, maar die koste vir die voorsiening van onderwys word deur die belastingbetaler gedek. Staatsfinansiering kan verskillende vorme aanneem en deur verskillende owerheidsvlakke onderneem word. Alle formele onderwys in Suid-Afrika word deur die staat voorsien.

Die staat se werklike besteding aan opleiding en die verskillende tipes onderwys in Suid-Afrika is moeilik om te bepaal, want finansiële betrokkenheid by formele onderwys kan nie direk uit die staatsbegroting afgelei word nie (Berkhout & Berkhout, 1992:7). Die totale besteding aan onderwys word oor ’n aantal onderwysdepartemente versprei, terwyl onderwysuitgawes ook by sekere ander, oorkoepelende uitgawes van ander staatsdepartemente ingesluit word, soos die instandhouding, herstel en konstruksie van vaste

bates. Die staat finansier openbare skole op 'n billike grondslag uit openbare inkomste, ten einde die behoorlike uitoefening van leerders se reg op onderwys en die regstelling van ongelykhede van die verlede in die voorsiening van onderwys te verseker. Inligting oor die finansiering van openbare skole moet jaarliks verskaf word sodat skole hul begrotings vir die volgende boekjaar kan voorberei (RSA, 1996b: art 34(2)).

2.6.2 Die bepaling van geenskoolfondsskole

Die Skolewet (RSA, 1996b) bepaal dat die Minister van Onderwys jaarliks in die Staatskoerant moet kennis gee van die nasionale kwintiele of deel daarvan wat gebruik moet word om skole uit te wys wat nie skoolgeld mag hef nie. Die Minister kan slegs hiervan gebruik maak indien finansiering op minstens die geenskoolgelddrempel bekom is om vir leerders by die betrokke skole te betaal. Die Lid van die Uitvoerende Raad van elke provinsie moet ook 'n lys van sodanige skole in sy/haar regsgebied opstel. (RSA, 1996b: art 39(7)–(9))

2.6.3 Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (Suid-Afrikaanse Skolewet)

Ingevolge die Skolewet (RSA, 1996b: art 35) en die Grondwet (RSA, 1996a) moet die Minister van Onderwys, in oorleg met die Raad van Onderwysministers en die Minister van Finansies, nasionale kwintiele vir openbare skole sowel as nasionale norme en standarde vir skoolbefondsing bepaal. Die norme en standarde moet volgens wet uitgevoer word en moet aan die volgende voldoen:

1. Dit moet bepaalde kriteria uiteensit vir die verspreiding van staatsgeld na alle openbare skole op 'n regverdige en billike manier.
2. Daar moet voorsiening gemaak word dat leerders van alle openbare skole aan die hand van finansiële vermoë in kwintiele, synde nasionale kwintiele vir leerders, geplaas kan word.
3. Alle openbare skole in die Republiek moet in nasionale kwintiele vir openbare skole geplaas kan word aan die hand van die verspreiding van leerders in die nasionale kwintiele vir leerders.
4. 'n Prosedure moet vasgestel word waarvolgens die Lid van die Uitvoerende Raad die kriteria in punt 1 hier bo sal kan uitvoer. (RSA, 1996b: art 35(2)(a)–(d))

2.6.4 Bepaling van kwintielkriteria vir openbare skole

Die armoedeklassifikasie van skole geskied ingevolge die Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (RSA, 1998), waarvolgens skole van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement herrangskik is. Die armoede van 'n skool berus op die relatiewe armoede van die omringende gemeenskap, wat op sy beurt afhang van individuele of huishoudelike bevoordeling of benadeling met betrekking tot inkomste, welvaart en/of vlak van opleiding (RSA, 2006).

Die volgende tabel bied 'n voorbeeld van die persentasie leerders in die Wes-Kaap wat in die onderskeie nasionale kwintiele (NK's) geplaas kan word:

Tabel 2.1: Nasionale armoedever spreiding 2007/8

	NK1	NK2	NK3	NK4	NK5	Totaal
Nasionaal	20%	20%	20%	20%	20%	100%
Wes-Kaap	6,54%	8,02%	23,09%	27,72%	34,63%	100%

Bron: (WKOD, 2006b)

Die tabel hier onder bied 'n voorbeeld van die algehele toekenning van geld aan skole landwyd:

Tabel 2.2: Toekennings aan skole 2009/10

Nasionale kwintiel	Armoede-verhouding	Persentasie wat skole ontvang	2008 Per leerder	2009 Per leerder	2010 Per leerder
1	30.0%	100%	R775	R807	R855
2	27.5%	100%	R711	R740	R784
3	22.5%	100%	R581	R605	R641
4	15.0%	67%	R388	R404	R428
5	5.0%	22%	R129	R134	R147

Bron: (WKOD, 2008)

2.6.5 Skoolfondse en bates van openbare skole

Die beheerliggaam van 'n openbare skool moet 'n skoolfonds instel en administreer ooreenkomstig voorskrifte wat die Departementshoof uitreik (RSA, 1996b: art 37(1)). Alle gelde wat 'n openbare skool ontvang, met inbegrip van skoolgeld en vrywillige bydraes, moet in die skoolfonds gestort word. 'n Enkele bankrekening moet geopen word, en skole kan slegs met die toestemming van die Lid van die Uitvoerende Raad geld in 'n ander rekening belê. (RSA, 1996b: art 37(2)–(3)) Geld en ander goedere wat aan 'n openbare skool geskenk of bemaak word, of in 'n trust ontvang word, moet ooreenkomstig die voorwaardes verbonde aan sodanige skenking, bemaking of trust aangewend word. Alle bates wat met of ná die inwerkingtreding van die Skolewet verwerf is/word, is die eiendom van die skool. (RSA, 1996b: art 37(4)–(5))

Die skoolfonds, alle opbrengste en alle ander bates van die skool mag slegs gebruik word vir opvoedkundige doeleindes by of in verband met die skool; opvoedkundige doeleindes by of in verband met 'n ander skool, volgens ooreenkoms met sodanige ander openbare skool en met die instemming van die Departementshoof; die uitvoering van die werksaamhede van die beheerliggaam, of 'n ander opvoedkundige doel waarvoor daar tussen die beheerliggaam en die Departementshoof ooreengekom is (RSA, 1996b: art 37(6)).

Geld van die skoolfonds van 'n openbare skool mag nie in 'n trust inbetaal word of gebruik word om 'n trust te stig nie. Indien 'n trust met skoolfonds gestig is of skoolfonds in 'n trust inbetaal is voor 1 Januarie 2002, is sodanige trust of inbetaling ongeldig en moet die geld aan die skoolfonds terugbetaal word. (RSA, 1996b: art 37(7)(a)–(b)) 'n Beheerliggaam van 'n openbare skool mag ook nie geld of bydraes van ouers invorder om die betaling van verpligte skoolgeld te ontduik, en sodanige geld of bydraes gebruik om 'n trust te stig of te finansier nie. Indien sodanige geld of bydraes van ouers voor 1 Januarie 2002 in 'n trust belê is, moet die trust sodanige geld of bydraes in die skoolfonds inbetaal. (RSA, 1996b: art 37(7)(c))

2.6.6 Nie-artikel 21-skole

Volgens omsendskrywe 0051/2007 van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD, 2007b) sal nie-artikel 21-skole 20% van die totale Norme en Standaarde-toekenning, synde

die jaarlikse skoolfondsinkomste, in April van elke jaar ontvang. Dit is belangrik om daarop te let dat dié bedrag die skool tot April van die daaropvolgende jaar moet deurhelp. Skole ontvang 'n Norme en Standaarde-brief wat hulle van die bepaalde bedrag in kennis stel. Nie-artikel 21-skole moet ook voor 29 Februarie elke jaar hul Norme en Standaarde-toekenning vir die volgende finansiële jaar in die vier kategorieë op vorm WKOD 032 inderdeed, naamlik handboeke en ander boeke, plaaslike aankope, munisipale dienste, en instandhouding, en moet dan die vorm by die Departement indien. By ontvangs van die vorm gaan die WKOD die begrotings na en verwittig skole indien dit nie in orde is nie sodat gewysigde WKOD 032-vorms ingedien kan word. Vir aankope van minder as R1 000 moet slegs een kwotasie bekom word, en vir aankope van meer as R1 000 twee kwotasies WKOD, 2007b).

Oordragbetalings vir instandhouding aan alle nie-artikel 21-skole, en oordragbetalings aan daardie nie-artikel 21-skole wat hul eie munisipale diensrekening betaal, word soos volg hanteer: Die helfte van die begrote bydrae word in April betaal en die res in November van die betrokke jaar. Daarbenewens moet WKOD-vorm 026 vir plaaslike aankope en WKOD-vorm 034 vir handboeke ingevul word, met kwotasies daarby aangeheg WKOD, 2007b).

2.6.7 Artikel 21-skole

Artikel 21-skole ontvang hul Norme en Standaarde-toekenning in twee paaiemente, naamlik in April (60%) en November (40%) onderskeidelik (byvoorbeeld WKOD, 2007b). Let daarop dat die totale Norme en Standaarde-toekenning vir die hele boekjaar is, en dat dit skole moet deurhelp tot April van die volgende jaar, wanneer die volgende betaling sal geskied. Soos met nie-artikel 21-skole, moet 20% van die totale toekenning opsygesit word vir die uitgawes wat voorheen deur die skoolfonds gedek is. Geenskoolfondsskole kan ook in dié kategorie val as hulle om artikel 21-status aansoek doen, waarvoor die volgende dokumente vereis word: 'n sertifikaat van goeie finansiële bestuur (vir die jaar waarin aansoek gedoen word), 'n afskrif van die beheerliggaamnotule (waarin die beheerliggaam die aansoek om artikel 21-status goedkeur), die jongste geëuditeerde finansiële state, die jongste bankrekonsiliasie en die jongste begroting (WKOD, 2007b).

2.6.8 Geenskoolfondswette

Soos vroeër reeds genoem is, het die Minister van Onderwys in 2006 in pas met die Wysigingswet op Onderwyswette 24 van 2005 (RSA, 2005) op geenskoolfondsskole – dit wil sê openbare skole wat nie verpligte skoolgeld mag hef nie – in arm gemeenskappe besluit, om die stygende koste van onderwys vir ouers met beperkte finansiële vermoëns te bekamp. Die Skolewet (RSA, 1996b) is dienooreenkomstig gewys om vir hierdie soort skole voorsiening te maak. Die betrokke bepaling in die Skolewet (RSA, 1996b) is vervat in artikel 39. 'n Uittreksel daaruit lui soos volg:

(7) Ondanks subartikel (1) moet die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant jaarliks die nasionale kwintiele vir openbare skole of deel van sodanige kwintiele bepaal wat deur die Lid van die Uitvoerende Raad gebruik moet word om skole te identifiseer wat nie skoolgelde mag hef nie.

(8) Die Minister kan 'n bepaling ingevolge subartikel (7) maak slegs as voldoende befondsing van minstens die geen skoolgelde drempel bereik is om leerders te befonds in die skole wat deur die bepaling geraak word.

(9) Die Lid van die Uitvoerende Raad moet al die skole in subartikel (7) beoog, binne sy of haar provinsie identifiseer en 'n lys van sulke skole opstel.

(10) Die Minister moet-

- (a) die lys van skole geïdentifiseer ingevolge subartikel (9) oorweeg;*
- (b) die lys vergelyk met die bepaling beoog in artikel 35 (1); en*
- (c) die lys per provinsie, in die Staatskoerant publiseer indien dit aan die bepaling voldoen.*

(11) Die skole in subartikel (7) beoog, kan ondanks daardie subartikel skoolgelde hef indien hulle minder as die geen skoolgelde drempel van die provinsiale onderwysdepartement ontvang.

(12) Die reg van die skool om skoolgelde ingevolge subartikel (11) te hef, word beperk tot 'n bedrag gelyk aan die bedrag wat verkry word as die werklike bedrag wat van die Staat ontvang word, van die geen skoolgelde drempel afgetrek word.

Waar Stewart & Holtham (1989)'n skool tot 'n geenskoolfondsskool verklaar is, sal die volgende beginsels geld: Ouers sal nie meer skoolgeld hoef te betaal of om vrystelling van skoolgeld hoef aansoek te doen nie. Alle leerondersteuningsmateriaal sal voorsien word. Skole sal steeds ingevolge artikel 39(2) van die Skolewet (RSA, 1996b) begrotings moet opstel en ingevolge artikel 42 (RSA, 1996b) moet rekord hou van alle fondse wat ontvang en bestee word. (WKOD, 2006b)

Die Skolewet (RSA, 1996b) en die Nasionale Norme en Standaard vir Skoolbefondsing (RSA, 2006) is gewysig om skole volgens armoede te herrangskik. Die volgende kriteria word hiervoor gebruik: Die provinsiale onderwysdepartement (POD) moet aan elke skool 'n armoedetelling toeken wat die POD in staat stel om alle skole van die armste tot die mees goeie te klassifiseer. Die beginsel waarop die telling berus, hang af van die relatiewe armoede van die omringende gemeenskap, wat weer afhang van individuele of huishoudelike bevoordeling of benadeling met betrekking tot inkomste, welvaart en/of vlak van opleiding. Die telling moet gegrond wees op data van die Nasionale Sensus deur Statistiek SA, of enige soortgelyke data wat as bron kan dien. (WKOD, 2006b) Om moontlike valse inligting uit te skakel, mag die ontvangers van die skooltoekennings nooit die databron wees nie.

Die afleiding en tellings moet omvattend genoeg wees om 'n aanduiding van die armoede van die skoolgemeenskap te bied. Die POD's moet die nasionale armoedeverspreidings tabel ingevolge paragraaf 109 van die Nasionale Norme en Standaard (RSA, 2006) gebruik om te bepaal hoe die teikenbedrae in die onderskeie provinsies toegeken word. Weens die unieke omstandighede by skole, word data van Statistiek SA met provinsiale data vergelyk om 'n indeks te skep. Die nasionale teiken vir geenskoolfondsskole is nasionale kwintiel 1 en 2 wat die Minister van Onderwys in 2006 bepaal het. Alle skoolfondse moet ooreenkomstig artikel 37(6) van die Skolewet (RSA, 1996b), dit wil sê slegs vir onderwysdoeleindes, gebruik word. Die provinsiale regering verskaf egter ook voorskrifte oor hoe die geld bestee moet word. (WKOD, 2006b)

Versoeke aan ouers en plaaslike ondernemings vir vrywillige bydraes sowel as volgehoue geldinsamelingsaktiwiteite behoort steeds beskou te word as 'n belangrike manier om die nodige bykomende finansieringsbronne vir skole te skep. (WKOD, 2006b)

Ingevolge die Wysigingswet op Onderwyswette (RSA, 2005) is skole in armoedetabelle 1 en 2 dus sedert Januarie 2007 geenskoolfondsskole. Wat verwikkelinge in geenskoolfondsstatus sedertdien betref, het die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (2007c) byvoorbeeld aan die einde van 2007 berig dat ouers van kinders by 654 arm skole in die Wes-Kaap nie in 2008 vir skoolgeld aanspreeklik sou wees nie. Kwintiel 3 is ook met die oog op geenskoolfondsstatus uitgebrei. Provinsiale onderwysdepartemente het hul Norme en Standaarde-toekenning aan skole in die armste kwintiele met tot sewe keer vermeerder in vergelyking met skole in die minder arm kwintiele. Vir die boekjaar 2008/9 het die Wes-Kaapse Onderwysdepartement byvoorbeeld R224 miljoen begroot om geenskoolfondsskole te ondersteun. Dié toekenning is per leerder gedoen, byvoorbeeld R775 per leerder in skole in nasionale kwintiel 1, R771 per leerder in skole in nasionale kwintiel 2, en R581 per leerder in skole in nasionale kwintiel 3. (WKOD, 2007c)

2.6.9 Gebruik van die Norme en Standaarde-toekenning

Soos wat die Departement voorskryf, is die Norme en Standaarde-toekenning bedoel vir handboeke en ander boeke, plaaslike aankope, munisipale dienste, noodsaaklike daaglikse instandhouding van skoolgeboue, terreine en toerusting (niegeskeduleerde instandhouding) en ander lopende uitgawes. Eie inkomste moet eers gebruik word om tekorte in bogenoemde verband te dek voordat dit aangewend kan word om beheerliggaamposte te finansier. Skole moet hul eie beskikbare toekenning soos volg tussen die onderskeie uitgawekategorieë verdeel: 60% vir handboek- en ander boekbestellings (elke leerder moet vir elke leerarea of vak 'n handboek hê); 20% vir munisipale dienste (skole kan egter 'n groter persentasie vir munisipale dienste begroot indien uitgawetendense dit vereis); 4% vir instandhouding, en 16% vir plaaslike aankope. (WKOD, 2007b)

Die indeling van dié toekenning kan soos volg daar uitsien:

Tabel 2.3: Voorbeeld van indeling van Norme en Standaard-toekenning

Die skool se status wat betref:	
Die Skolewet	Nie-artikel 21
Skoolgeld	Geenskoolfondsskool
Nasionale kwintiel	NK2
Die toekenning vir die tydperk 1 April tot 31 Maart is soos volg:	
Leerders (jaarlikse opname)	240
Toekenning per leerder	R711
Totale toekenning	R170 640
Die toekenning word soos volg ingedeel:	
Skoolgeld (slegs geenskoolfondsskole)	R34 128
Norme en Standaard-toekenning	R136 512

2.6.10 Rol van die beheerliggaam

Ingevolge die Skolewet (RSA, 1996b) is dit die verantwoordelikheid van die beheerliggaam van 'n openbare skool om maatreëls te tref om die hulpbronne wat deur die staat voorsien word, aan te vul ten einde die gehalte van onderwys wat die skool aanbied vir alle leerders by die skool te verhoog. Beheerliggame mag ook nie sonder die skriftelike goedkeuring van die Lid van die Uitvoerende Raad 'n lenings- of oortrekkingsooreenkoms aangaan ten einde die skoolfonds aan te vul nie. Indien 'n persoon sonder die goedkeuring van die Lid van die Uitvoerende Raad geld aan 'n openbare skool leen of 'n oortrekking aan 'n openbare skool toestaan, sal die Staat en die openbare skool nie aan die geldleenkontrak of oortrekkingsooreenkoms gebonde wees nie. (RSA, 1996b: art 36(1) – (3))

2.7 Samevatting

Na afloop van hierdie uitvoerige literatuuroorsig met betrekking tot desentralisasie in die onderwys en die geenskoolfondsbeleid, gaan hoofstuk 3 nou oor tot 'n bespreking van die navorsingsmetodologie.

HOOFSTUK 3: Navorsingsmetodologie

3.1 Inleiding

Die doel van hoofstuk 3 is om 'n breedvoerige beskrywing en verduideliking te bied van die navorsingsmetode wat gevolg is om die navorsingsvrae te beantwoord. Die volgende vrae word ook beantwoord: Hoekom is dié navorsingsmetode gekies? Watter voor- en nadele hou die metode in? Hoe is die deelnemers gekies, en hoe word die geldigheid, betroubaarheid en etiek van die navorsing verseker? Artikel 30(1) van die Skolewet (RSA, 1996b) bepaal dat beheerliggame van openbare skole die reg het om finansiële komitees in die lewe te roep wat die daaglikse bestuur van finansies in hulle skole behartig. Individue wat in finansiële komitees van skoolbeheerliggame dien, moet waarskynlik finansiële kundig wees om skole se finansies te kan bestuur. In dié verband wil hierdie studie die volgende vrae beantwoord: Hoe bevoeg is ouerlede van beheerliggame wat finansiële bestuur betref, en op watter kennis steun beheerliggaamslede in hul finansiële besluitneming?

3.2 Navorsingsmetodologie

Leedy (1997:104) omskryf metodologie as 'n bedryfsraamwerk waarbinne data geplaas word sodat betekenis meer duidelik na vore kan kom. Ten einde bogenoemde navorsingsvrae te beantwoord, is daar op die kwantitatiewe navorsingsmetode besluit om die data te ontleed, te vertolk en te vergelyk.

3.2.1 Eienskappe van 'n kwantitatiewe benadering

Die kernbegrip in 'n kwantitatiewe benadering is uiteraard syfers en statistiese ontledings. Dit berus op 'n voorafbepaalde siening van 'n probleem waar die navorsing op wetenskaplike

metodes gegrond is. Alle gebeurtenisse word as “feite in die wêreld” beskou. Dit voor aan dat daar net een vorm van verduideliking, naamlik die didaktief-nomologiese (D-N) model van verduideliking is (Waghid, 2002:43). Kwantitatiewe navorsers maak grootliks staat op syfers in hul weergawe van resultate; gebruik graag steekproewe, en verskaf moontlikhede van instrumentele betroubaarheid en geldigheid. Die syfers word vergesel van onherkenbare woorde en selfs vreemde simbole, en word deur statistiek gemanipuleer (McMillan & Schumacher, 2001:2005). Datameting word in syfers omskep om uiteindelik vergelykings oor omgewings heen te kan maak (Punch, 1998:58). Voorts beskryf Punch (1998:59) kwantitatiewe data as empiriese inligting in die vorm van syfers.

Ook Creswell (2003:13) reken kwantitatiewe navorsing is die proses waarvolgens numeriese data ingesamel, ontleed en vertolk word. Die uitslag van so ’n kwantitatiewe studie word so geskryf dat dit verenigbaar is met opnames of eksperimentele metodes. Volgens Creswell (2003) is ’n opname ’n ontwerp wat kwantitatiewe of numeriese beskrywings ten opsigte van ’n bevolking se neigings, houdings en opinies verskaf. Die kwantitatiewe benadering is dus daarop gemik om ’n toetsbare hipotese en teorie te ontwikkel sodat veralgemenings deur logiese afleidings gemaak kan word. Eachus (2000:7) beklemtoon dat kwantitatiewe navorsing ’n studieverkynsel probeer begryp sodat navorsers die kennis kan gebruik om voorspellings oor die werklike wêreld te maak.

In ’n ander publikasie deur Creswell en kollegas (2011:263) word kwantitatiewe navorsing beskryf as ’n studie waarin die navorser op numeriese data staatmaak om die verhouding tussen veranderlikes te toets. Om sodoende kennis te ontwikkel, steun die ondersoeker op ’n positivistiese benadering wat die bestaan van ’n enkele doelwit en die realiteit moontlik maak. Die navorser toets ook die teorieë van die werklikheid om oorsaak en gevolg te bepaal, en gebruik kwantitatiewe instrumente om inligting te versamel ten einde die hipotese (vrae) te toets. Vergelykings tussen veranderlikes, verhoudings en frekwensies word ook getref. Kwantitatiewe data-insameling kan met behulp van vraelyste, kontrolelyste, indekse, eksperimente, skale, ondersoeke en inhoudsontleding geskied (De Vos, Strydom, Fouché, Poggenpoel, Schurink, 2005:133–166).

3.2.2 Beskrywing van die data-insamelingsinstrument

Daar is op ’n vraelys vir hierdie studie besluit om bruikbare en sinvolle data in te samel.

3.2.2.1 Vraelyste

'n Gestruktureerde vraelys is beplan en verskeie stappe is gevolg om te verseker dat dit as navorsingsinstrument die beoogde teikengroep bereik. Vraelyste is ook 'n maklike en vinnige metode om data van 'n groot groep mense te verkry. Wilson en Mclean (1994:3) beklemtoon dat vraelyste op groot skaal gebruik word en 'n bruikbare instrument is vir die insameling van kwantitatiewe inligting. Davidson (1970:250) lig 'n aantal eienskappe uit waaroor 'n goed geformuleerde vraelys moet beskik: "It is clear, unambiguous and uniformly workable. Its design must minimize potential errors from respondents and coders. And since people's participation is voluntary, a questionnaire has to help in engaging their co-operation and eliciting answers as close as possible to the truth." Meerkeusevrae om omvattende beskrywings deur skoolhoofde en beheerliggaamvoorsitters moontlik te maak.

Die navorser het self die vraelyste versprei en ná voltooiing van die onderskeie respondente afgehaal. Die name van skole, skoolhoofde en beheerliggaamvoorsitters is in geen stadium op die vraelyste genoem nie. Hoofde en beheerliggaamvoorsitters is ook telefonies herinner aan die voltooiing van die vraelyste, en is verseker dat hulle die navorser oor enige onduidelikheid met die vrae kon skakel. Respondente het twee weke ontvang om die vraelyste te voltooi.

Die uitleg van die vraelys het geldigheid bevorder, aangesien dit aan Cohen, Manion en Morrison (2000:261) se kriteria voldoen het (sien afdeling 1.14).

Om te verseker dat ál die respondente aan die studie deelneem (wat tot 'n verdere verhoging in geldigheid en betroubaarheid lei), is die wenke van Hudson en Miller (1997:128) in die verspeiding van die vraelyste gevolg. Dié wenke is soos volg:

- Doen opvolgwerk om vordering te moniteer.
- Beklemtoon die belang van die vraelys sowel as die voordele daaraan verbonde.
- Skakel persoonlik met respondente om ondersteuning en hulp aan te bied.
- Die kenmerke van die vraelys moet duidelik wees. Eenvoudige vraagstelling en vraelysvoltooiing, tyd vir beantwoording, sensitiwiteit van vraagstelling sowel as die lengte van die vraelys moet byvoorbeeld in gedagte gehou word.

(Hudson & Miller, 1997:128)

Die beheerliggaamvoorsitter en skoolhoof van elke deelnemerskool het dieselfde vrae gekry. Die tema was deurgaans ouerlede van die beheerliggaam se vermoëns om skoolbeheer doeltreffend toe te pas. Onderafdelings in die vraelys was biografiese gegewens, beheerliggaamstruktuur en -funksionering, bekwaamheid van die beheerliggaamvoorsitter en ouerlede van die beheerliggaam ten opsigte van die finansiële bestuur van die skool, die bekwaamheid van die skoolhoof en die ouerlede van die beheerliggaam ten opsigte van skoolbeheer, en die invloed van die geenskoolfondsbeleid op skole. Soos reeds hier bo genoem is, het die vraelyste wat aan die skole voorsien is uit sowel oop as geslote vrae bestaan, omdat dit soms nodig is om dieselfde vraag in albei vorme te stel. Dít is veral van toepassing waar die respondente dalk geïrriteerd gevoel het omdat die keuse van antwoorde wat in die meerkeusevrae aan hulle voorsien is, nie hul menings raak verwoord het nie. Vraelyste met oop vrae bied respondente dus die geleentheid om hul gedagtes vryelik te verwoord, wat weer 'n groter verskeidenheid inligting verseker. Die navorser het daarom ook die kategorie “Ander” ingesluit (Oppenheim, 1992:114), wat die respondent toelaat om vryelik oor die vraag te besin.

3.2.2.2 Voordele van vraelyste

Volgens Kumar (2005:130–135) hou die gebruik van vraelyste bepaalde voordele in, soos dat dit geld-, tyd- sowel as menslikehulpbronbesparings teweegbring. Waar delikate vrae gestel word, help die groter anonimiteit van vraelyste ook om akkurater inligting te bekom. In antwoord op oop vrae kan gedagtes weer vryelik verwoord word, wat 'n groter verskeidenheid inligting verseker. 'n Vraelys stel dus die navorser in staat om 'n verskeidenheid vrae, stellings en items aan die respondent voor te lê, waarop die respondent dan vanuit sy/haar eie denkgang en agtergrond kan antwoord en kommentaar lewer. Die vraelys is 'n besonder uitvoerbare metode, omdat dit binne 'n kort tydperk gebruik kan word sonder om die betroubaarheid en geldigheid van die studie in gedrang te bring.

3.2.2.3 Nadele van vraelyste

De Vos en kollegas (2011:168–169) en Kumar (2005:127) beskryf 'n paar nadele verbonde aan vraelyste as navorsingsmetode. Vraelyste wat met die hand afgelewer word, is beperk omdat net 'n klein geografiese gebied op 'n slag gedek kan word en die navorser moet

terugkeer om die voltooide vraelyste af te haal. Navorsers ervaar dalk dat repondente vraelyste verloor of nalaat om dit te voltooi. Geletterdheid, visuele bevoegdheid en skryfvaardighede is ook by handafgelewerde vraelyste ter sprake. Boonop kan die gemoedstoestand van respondente wanneer vrae voltooi word die betroubaarheid van die meetinstrument beïnvloed (Kumar, 2005:157). Die gehalte van die inligting kan ook verswak indien respondente die vrae verskillend vertolk.

Ingeval respondente probleme met die voltooiing van die vraelyste ondervind, behoort hulle dit met die navorser te kan opklaar. Die kontakbesonderhede van die navorser moet dus verskaf word.

3.3 Steekproef

Hierdie studie is van 'n beperkte omvang en daarom is slegs landelike geenskoolfonds-laerskole by die steekproef ingesluit – in die besonder 20 laerskole uit die Weskus-Wynland-onderwysdistrik, waaronder die skool waar die navorser tans skoolhou. Openbare skole in die distrik wat volgens die Minister van Onderwys se formule vir kwintiel 1–3 (RSA, 2006) gefinansier word, is vooraf uitgewys en by die steekproef betrek. Skole in die steekproef is op grond van die sosio-ekonomiese welstand van die omringende gemeenskappe gekies, en verteenwoordig die vyf kwintiele waarvolgens die staat geld toewys. Vraelyste is met die hand onder die hoofde, beheerliggaamvoorsitters en beheerliggaamtesouriere van die verskillende skole versprei.

Toestemmingsvorme vir deelnemers is met die hand by bogenoemde skole afgelewer, met 'n volledige verduideliking van die tipe navorsing wat onderneem sou word. Sodoende is tyd bespaar en meer skole by die navorsing betrek. Bogenoemde vorms het ook verduidelik dat die inligting in die vraelyste vertroulik hanteer sou word en dat die respondente en die skool se anonimiteit gewaarborg sou word. Daarby is die brief waarin die Weskus-Wynland-onderwysdistrik goedkeuring vir die navorsing verleen aan die skole gefaks om te beklemtoon dat die navorsing wettig en uitvoerbaar is. Skoolhoofde is ook telefonies in kennis gestel van die dag waarop die vraelyste by hul skole afgelewer sou word en die beoogde datum waarop dit weer afgehaal sou word. Vraelyste is vervolgens met die hand aan skoolhoofde en beheerliggaamvoorsitters van die verskillende skole uitgedeel. Die respondente is twee weke gegun om die vraelyste te voltooi. Indien hulle nie oor die nodige

data beskik het nie, het hulle genoeg tyd gehad om inligting na te slaan. Die vraelyste het uit net 35 vrae bestaan met twee oop vrae om die respondente aan te moedig om dit volledig te beantwoord sowel as die spoedige verwerking van die data moontlik te maak.

3.4 Dataontleding

Nadat die data ingesamel is, is dit vir dataoptekening voorberei. Saranatakos (2005:364) meen datavoorbereiding sluit in hoe data tegnies ontleed en gekodeer word. Moderne rekenars en sagteware kan dít baie maklik maak. Volgens Briggs en Coleman (2007:319) maak baie navorsers van die ontdekkingsfase gebruik waar data met die hand en sakrekenaar ontleed word. Vir die doeleindes van dié studie sal data ook met die hand ontleed word. Die statistiese data is slegs gebruik om tendense waar te neem, en nie om enige statistiese beduidendheid aan te dui nie. Die navorsers het besluit om die vraelyste van die twee kategorieë respondente met behulp van die hofies “Skoolhoof” en “Beheerliggaamvoorsitter” te skei. Die vraelyste is in albei gevalle van 1 tot 20 genommer. Die vrae is telkens genommer. Respondente moes slegs die vrae op ’n vierpuntskaal beantwoord. Sodoende kon kernfaktore en -verwantskappe sorgvuldig en stelselmatig uitgeken en vergelykings deurgaans getref word.

Die frekwensietabelle is opgestel met ’n tema en vrae waarop respondente volgens die vierpuntskaal moes reageer. Dié skaal was soos volg: 1. Stem glad nie saam nie; 2. Stem nie saam nie; 3. Stem saam, en 4. Stem heelhartig saam.

3.5 Datavertolking

Vraelyste is aan altesaam 20 skoolhoofde en 20 beheerliggaamvoorsitters gegee om te beantwoord. Die vraelyste het in albei gevalle 35 vrae bevat (sien bylae B). By van die meer feitelike vrae is slegs skoolhoofde se menings gebruik, omdat die skoolhoof meestal die skool beter ken as die beheerliggaamvoorsitter. Indien die hoof- en beheerliggaamvoorsitter-getalle verskil, is dit omdat al die respondente nie al die vrae beantwoord het nie. By sekere afdelings en vrae is sowel hoofde as beheerliggaamvoorsitters se data vertolk, omdat hulle saamwerk en saam vergader oor aspekte wat skoolbeheer en -bestuur beïnvloed. Vergelykings word ook getref om ’n vollediger indruk van bepaalde aspekte te bekom, sowel as om meer data te verkry ten einde inligting beter te verstaan. Kontrole word sodoende

uitgeoefen om die waarheid vas te stel. Die studiebevindings word ook deur bewyse in die literatuur (hoofstuk 2) gestaaf.

3.6 Betroubaarheid en geldigheid

Betroubaarheid sou impliseer dat die toepassing van 'n geldige meetinstrument op verskillende groepe in verskillende omstandighede tot dieselfde waarnemings behoort te lei (Mouton, 1996:144; Bell, 1999:103). Volgens Kumar (2005:157) is dit in die sosiale wetenskappe onmoontlik om 'n algeheel akkurate navorsingsinstrument te hê, omdat dit onmoontlik is om beheer uit te oefen oor die faktore wat betroubaarheid beïnvloed. 'n Voorbeeld is die gemoedstoestand van die respondent wanneer hy of sy die vrae beantwoord.

In hierdie geval het die navorser geen verbintenis gehad met enige van die respondente en skole wat in die steekproef voorkom nie, wat objektiwiteit bevorder. Ingevorderde vraelyste is noukeurig ontleed deur die proses van redigering om foute van respondente uit te wys en uit te skakel.

3.7 Triangulasie

Triangulasie is toegepas deurdat daar van meer as een databron gebruik gemaak is, naamlik die hoofde en beheerliggaamvoorsitters se sienings sowel as die literatuurstudie. Met die triangulasie is daar nie noodwendig beplan om by die waarheid uit te kom nie, maar eerder om die verskynsel uit twee hoeke te beskou; om te ontleed hoe twee mense na dieselfde verskynsel kyk en dit verskillend beskou, verstaan en aanwend (De Vos, Strydom, Fouché en Delpont, 2011:434).

Lincoln en Guba (1985:283) argumenteer dat die triangulasie van data noodsaaklik is in realistiese studies. Geen enkele aspek van inligting kan ernstig bejeën word tensy dit getrianguleer kan word nie. Dit maak ook vergelykings moontlik, wat 'n vollediger indruk en beter begrip aanmoedig, sowel as kontrole om die waarheid te ontdek.

3.8 Etiese oorwegings

Die doel van navorsingsetiek is om die welstand van deelnemers te beskerm. Vertroulikheid teenoor die individu sowel as die instelling, en respek vir respondente, is belangrike elemente van navorsingsetiek. (Terre Blanche, 2006:61–67) Respondente se waardigheid mag nie in die soeke na kennis of wetenskaplike vooruitgang misbruik of geskend word nie. Duidelike, uitvoerige en feitelike inligting oor die studie, die navorsingsmetode sowel as die risiko's en voordele verbonde aan die navorsing is dus aan respondente verduidelik.

Afsprake met respondente is gereël by die skole waar die navorser die WKOD se toestemmingsbrief sowel as die inligtingsblad en toestemmingsvorm vir deelnemers getoon het. 'n Datum, tyd en plek is vir die invordering van voormelde toestemmingsvorms vasgestel. Waar deelnemertoestemming ontvang is, het die navorser met die beheerliggaamvoorsitters en hoofde van die deelnemende skole ontmoet. Hulle sowel as respondente is ingelig dat deelname aan die navorsing vrywillig is en dat respondente in enige stadium sonder die benadeling van hul regte aan die navorsing kan onttrek (Terre Blanche, 2006:72; Kumar, 2005:212–213).

Vertroulikheid van response is verseker deur dit aan letters en kodes in plaas van die naam van die respondent en skool te koppel. Skoolhoofde se response is met die letter S en syfers 1 tot 20 gemerk, en beheerliggaamvoorsitters s'n met die letter B en syfers 1 tot 20. Respondent-inligting is as vertroulik hanteer en slegs die ondersoeker het toegang tot die respondentname en studiedata gehad. Data is veilig in 'n sluitkas weggebêre. Respondente se name en identiteit is ná data-insameling vertroulik gehou, omdat dit oneties sou wees om dit bekend te maak (Kumar, 2005:214). Die navorser het ook onderneem om nie bevooroordeel te wees deur inligting wat hy in die loop van die studie bevind weg te steek of om aspekte buite verhouding aan te bied asof dit die waarheid is nie (Kumar, 2005:214).

3.9 Samevatting

Die hoofdoel van hierdie hoofstuk was om die navorsingsmetode te beskryf wat gevolg is om die data te versamel, om sodoende geldigheid en betroubaarheid aan die dataontleding, gevolgtrekkings en aanbevelings te verleen. Die navorser het ook verduidelik waarom die gekose navorsingsmetodologie die beste was om insig te verkry in die respondente se

ervaring van die invloed van die geenskoolfondsbeleid op die finansiële beheer en bestuur van landelike skole in die Weskus-Wynland-onderwysdistrik.

Hoofstuk 4 konsentreer vervolgens op die ontleding van die data wat met behulp van die vraelyste van skoolhoofde en beheerliggaamvoorsitters ingewin is.

HOOFSTUK 4: Dataontleding, datavertolking en bevindings

4.1 Inleiding en metode van dataontleding

Die vertolking van die kwantitatiewe data in hierdie hoofstuk dien as grondslag vir die bespreking van die resultate en die maak van gevolgtrekkings sowel as aanbevelings in hoofstuk 5, wat dan ook as moontlike antwoorde op die navorsingsvrae sal dien. Die dataontleding en -vertolking geskied aan die hand van die kwantitatiewe navorsingsmetode, synde 'n ondersoek na 'n sosiale of menslike probleem deur middel van die toetsing van aannames aan die hand van syfers sowel as ontleding deur statistiese prosedures ten einde tendense te bepaal (Cresswell, 2003:2; Kincheloe, 2003:563). Die vraelyste is eers apart ontleed, maar later bymekaar gevoeg om verskille en ooreenkomste te kon uitwys. Die frekwensietabelle is gebruik om opinies en tendense te bepaal.

4.2 Beskrywing van die steekproef

Vraelyste oor die finansiële beheer- en bestuursvermoëns van beheerliggaamvoorsitters en skoolhoofde is by die 20 deelnemende landelike skole ingesamel.

4.3 Dataontleding

Altesaam 33 tabelle is gebruik, elk met sy eie onderafdelings en hofies. 'n Vierpuntskaal is gebruik om ná elke tabel 'n ontleding en vertolking te onderneem. Vraelyste is aan 20 skoolhoofde en 20 beheerliggaamvoorsitters uitgedeel. Sestien skoolhoofde en 13 beheerliggaamvoorsitters het uiteindelik die vraelyste voltooi en aan die navorsing deelgeneem. Die vraelyste is nie alles terugontvang nie, omdat sommige deelnemers te besig was of daarvan vergeet het (sien "Tekortkominge van die studie" in hoofstuk 5). Die totale by al die tabelle kom ook nie op 29 (16 skoolhoofde + 13 beheerliggaamvoorsitters) te staan nie, want al die respondente het nie al die vrae beantwoord nie.

4.3.1 Biografiese gegewens

S = skoolhoof, V = voorsitter

Tabel 4.1: Kwalifikasies van skoolhoofde en beheerliggaamvoorsitters

	S	V
PhD	0	0
Med	0	0
BEd (Hons)	5	0
BEd (vier jaar lange graadprogram)	2	0
BA (Hons)	0	0
BA-graad + Onderwysdiploma of -sertifikaat	9	2
Onderwysdiploma (drie of vier jaar)	0	3
Ander (spesifiseer asseblief): Arbeiders	0	8

Uit bostaande blyk dat die hoofde merendeels oor goeie kwalifikasies beskik, terwyl die meeste beheerliggaamvoorsitters geen akademiese kwalifikasies het nie. Die meeste is plaasarbeiders met weinig of geen akademiese opleiding.

Tabel 4.2: Jare ondervinding van skoolhoofde en beheerliggaamvoorsitters

	S	V
Minder as 5 jaar	5	0
5–10 jaar	2	5
10–20 jaar	6	0
20–30 jaar	1	0
Meer as 30 jaar	2	0

Bostaande toon dat die meeste hoofde (ses) op grond van hul jare ondervinding vertrouwd is met die stelsels by hul spesifieke skole. Dít behoort skole te help om vooruitgang te bewerkstellig. Hulle ken dus die ouers en gemeenskap sowel as ouers se vermoë om die beheerliggaamwerk te doen en beheerliggaamuitdagings die hoof te bied. Vyf beheerliggaamvoorsitters het aangedui dat hulle tussen vyf en 10 jaar ondervinding het, wat

aandui dat hulle 'n taamlike hoeveelheid kennis en ervaring van skoolbeheer en -bestuur het. Die ander voorsitters het nie dié vraag voltooi nie. By van die meer feitelike vrae later in die studie word slegs skoolhoofde se menings dus gebruik, want dit is duidelik dat die meeste skoolhoofde die skool beter ken as die beheerliggaamvoorsitters.

Tabel 4.3: Inligting ten opsigte van skoolbeheerliggaamlede

Hoeveel ouers is lede van u skool se beheerliggaam?	9 skole = 5 ouers
Hoeveel ouers is verkose lede?	9 skole = 45 ouers
Hoeveel ouers is gekoöpteerde lede?	geen aangedui

Dit dui daarop dat ouers hul wél beskikbaar stel, wat moontlik op belangstelling dui.

Tabel 4.4: Vakante poste in skoolbeheerliggame

Ja	0 skole	Nee	15 skole
-----------	---------	------------	----------

Die skole voldoen dus aan die aanstellingsvereistes ingevolge die Skolewet (RSA, 1996b).

Tabel 4.5: Kwalifikasies van ouerlede van die beheerliggaam

Geen amptelike opleiding of volwassene-onderwys	8 skole = 15 ouers
Skoolonderrig tot graad 6	12 skole = 39 ouers
Graad 12	5 skole = 5 ouers
Basiese volwassene-onderwys	1 skool = 3 ouers
Drie jaar onderwys ná graad 12, soos sertifikate, diplomas of grade	0 ouers
Meer as drie jaar onderwys ná graad 12, soos honneursgraad of hoër	0 ouers

Oor die algemeen kan afgelei word dat die deelnemerskole oor min skoling/algemene opleiding beskik, wat moontlik die beheer en bestuur van die skole kan beïnvloed. Die algemene aanvaarding is dat daar by beheerliggaamlede 'n mate van bewustheid moet wees van wat skoolbeheer en -bestuur is, sowel as van hoe om met skoolfinansies te werk. Die

skoolhoof moenie besluite in dié verband oorheers. Beheerliggaamlede moet ook krities kan dink en redeneer sowel as deelneem om skoolvordering moontlik te maak.

Tabel 4.6: Die leerdertal by deelnemerskole

Minder as 100 leerders	3
101–300 leerders	9
301–600 leerders	4
601–1 000 leerders	0
Meer as 1 000 leerders	0

Die meeste deelnemerskole is klein, met tussen 100 en 300 leerders, wat dan ook hulle Norme en Standaarde-toekenning sowel as hul posvoorsiening sal bepaal. Skole met 'n leerdertal tussen 101 en 300 ontvang betreklik min geld en waarskynlik min onderwysers. Hul onderriggehalte is dalk minder doeltreffend as gevolg van groot klasse sowel as skoolhoofde wat terselfdertyd klasonderwyser en skooladministrateur moet wees. Klein skole, en veral landelike skole, het min kundige ouers (vgl tabel 4.5) om in die beheerliggaam te dien en skoolbeheer en -bestuur uit te oefen.

Tabel 4.7: Artikel 20- en artikel 21-skole

Artikel 20	6
Artikel 21	10

Die meeste skole in die ondersoek blyk artikel 21-skole met selfbestuur te wees, wat beteken dat hulle hul eie fondse volgens die Onderwysdepartement se voorskrifte beheer en bestuur. Artikel 21-skole het dus 'n groter verantwoordelikheid, en benodig daarom meer finansiële vaardighede en kennis van finansiële bestuur. Daarenteen is artikel 20-skole skole waar die staat self skoolfondse beheer en bestuur, en waar bepaalde voorskrifte gevolg moet word om die finansies te hanteer. Albei moet WKOD-vorm 032 invul wat aan die Onderwysdepartement verduidelik hoe die geld wat aan die skool toegeken is, bestee sal word. Die geld en besteding daarvan moet ook in die begroting weerspieël word. Ouers moet dus verstaan en kennis neem dat die geld volgens die staat se voorskrifte bestee moet word en

dat dit in die jaarlikse begroting weerspieël moet word. Ouers se ervaring kan ook 'n rol speel: Hulle moet immers weet wat om te doen. Opleiding met betrekking tot finansies, veral die beheer en bestuur daarvan, is belangrik. Tog toon tabel 4.5 dat 39 ouerbeheerliggaamlede slegs tot graad 6 skoolgegaan het en 15 selfs geen amptelike skoolopleiding ontvang het nie. Agt ouers is ook plaasarbeiders. Baie lede is dus ongeletterd, met min skoolopleiding. Hul gebrekkige kennis van skoolfinansies is daarom onrusbarend. Ook Maile (2002:329) verwys daarna dat ongeletterdheid tot beheerliggame se ondoeltreffendheid kan bydra, veral in landelike gebiede.

Tabel 4.8: Kwintiel kategorieë van skole

Kwintiel 1	14	Kwintiel 2	1	Kwintiel 3	0	Kwintiel 4	1	Kwintiel 5	0
------------	----	------------	---	------------	---	------------	---	------------	---

Die meeste van die skole in die ondersoek is kwintiel 1-skole, met ander woorde van die armste skole waar leerders geen skoolgeld hoef te betaal nie. Die skole ontvang finansiering van die staat per ingeskrewe leerder. Die vermoë en vaardighede van die beheerliggaam en hoof om die geld te kan beheer en bestuur, is dus belangrik.

Tabel 4.9: Jaar van toekenning van geenskoolfondsstatus aan skole

11 skole het in 2007 geenskoolfondsstatus ontvang, 1 skool in 2004, 1 in 2005, en 1 in 2009

Soos vroeër verduidelik is, het die Minister van Onderwys met die Wysigingswet op Onderwyswette (RSA, 2005) besluit om skole, veral in arm gemeenskappe, van skoolfondsbetaling vry te stel. Die meeste deelnemerskole (11) het dié status in 2007 ontvang, omdat die geenskoolfondsbeleid daardie jaar in werking gestel is. Die beleid is al jare lank bekend aan hoofde wat reeds lank dien. Daarenteen word beheerliggaamlede elke derde jaar verkies, wat hulle min tyd gee om die nodige ondervinding en ervaring op te doen. Dít beïnvloed die beheerliggaam (ouers) se kundigheidsvlak, omdat hulle veronderstel is om ervare te wees in die beheer en bestuur van hul skole se finansies sowel as beleidstoepassing.

Tabel 4.10: Die heffing van skoolgeld voor die geenskoolfondsbeleid

Onder R100 = 8 skole; R100–R240 = 8 skole
--

Die geld wat skole voor die geenskoolfondsbeleid ontvang het, was baie minder as wat die staat nou aan hulle toeken. Die toekenning vir 2012 beloop byvoorbeeld R960 per leerder. Dus behoort beheerliggaamlede nou oor beter finansiële bestuursvermoëns te beskik. Hul vaardighede en kennis om die skool se finansies te kan beheer en bestuur is belangrik om die skool se vooruitgang te help verseker.

Tabel 4.11: Die persentasie skoolgeld ontvang voor die geenskoolfondsbeleid

0%–20%	1	21%–40%	6	41%–60%	5	61%–80%	4	81%–100%	0
--------	----------	---------	----------	---------	----------	---------	----------	----------	----------

Skole het oor die algemeen tussen 21% en 80% skoolgeld ontvang, wat daarop dui dat ouers wél tot die skoolfonds bygedra het. Die implikasie is dat ouers ook tot die leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) van skole bygedra het. Hulle het dalk die situasie van die skool begryp vanweë die inligting wat op gereelde oueraande aan hulle oorgedra is, of as gevolg van die positiewe beeld wat die vooruitgang en doelwitte van die skool uitgedra het. Die instelling van die geenskoolfondsbeleid het die gemeenskap se positiewe, hulpvaardige gesindheid jeens die skool se finansiële omstandighede moonlik geskaad. Hulle glo nou dat die skool onder die nuwe beleid oor meer as genoeg geld beskik, en staak dus hul gereelde bydraes.

4.3.2 Beheerliggaamstruktuur en -funksionering

Tabel 4.12: Rekeningkundige joernale by skole

	Ja	Nee
Kontantontvangstejoernaal	14	0
Kontantbetalingsjoernaal	13	0
Bankrekonsiliasiestaat	14	1
Proefbalans	10	4
Kleinkasjoernaal	10	4

Die meeste skole blyk die nodige rekeningkundige joernale by te hou. Dit strook met tabel 4.13 hier onder, waarvolgens 14 skole aangedui het dat hulle oor 'n tesourier beskik, sowel as tabel 4.17, waarvolgens 15 skole aangedui het dat hulle van 'n Wes-Kaapse Onderwysdepartement-geregisteerde ouditeur gebruik maak om hul finansiële rekords te hersien en na te gaan. Bogenoemde data is vanaf die skoolhoof en beheerliggaamvoorsitter ontvang wat hul opinie weergee van wat waargeneem word.

Tabel 4.13: Die portefeulje van tesourier

Ja	Nee
14	1

Die meeste skole (14) beskik oor 'n persoon wat hul finansies hanteer. Só kan daar oor inkomste en uitgawes van die skool, sowel as besteding vir die betrokke jaar verslag gedoen word. Dit hou ook verband met die argument deur Mestry (2004:1) dat die Skolewet (RSA, 1996b) voorskrifte aan skoolhoofde en beheerliggame verskaf oor hoe skoolfinansies beheer en bestuur moet word en wat hul verantwoordelikhede is. Die hoofde en onderwysers word in die meeste gevalle as tesourier aangestel, omdat daar veronderstel word dat hulle weet hoe om die finansies te bestuur en te beheer. Hul kundigheid en ervaring speel dus hier 'n rol.

Tabel 4.14: Die persoon wat as skooltesourier optree

Skoolhoof	2 skole
Onderwyser	2 skole
Nie-opvoederlid van die beheerliggaam	4 skole
Verkose ouerlid van die beheerliggaam	2 skole
Gekoöpteerde ouer	0 skole
Gekoöpteerde lid van die gemeenskap	0 skole

Nie al die respondente het hierdie vraag beantwoord nie. By vier van die skole vul nie-opvoederlede van die beheerliggaam die pos van tesourier.

Tabel 4.15: Finansieskomitee by skole

Ja	14	Nee	2
-----------	----	------------	---

By die meeste (14) skole hanteer 'n toegewyde finansieskomitee die skool se finansies.

Tabel 4.16: Lede van finansieskomitee

Skoolhoof	14 skole
Onderwyser	11 skole
Nie-opvoederlid van die beheerliggaam	11 skole
Verkose ouerlid van die beheerliggaam	11 skole
Gekoöpteerde ouer	2 skole
Gekoöpteerde lid van die gemeenskap	1 skool

Oor die algemeen is alle komponente van die beheerliggaam betrokke by die finansies van die skool. Die skole kan dalk meer kundiges koöpteer indien sodanige mense beskikbaar is.

Tabel 4.17: Wes-Kaapse Onderwysdepartement-geregistreerde ouditeur

Ja	15	Nee	1
-----------	----	------------	---

Daar word wél van ouditeurs gebruik gemaak om gesonde finansiële bestuur in skole te bewerkstellig. 'n Verslag word opgestel wat aandui of goeie of swak finansiële praktyke plaasvind. Daar word gekonsentreer op maklike uitvoerbare aksies en of strukture eerbiedig word. Die verslag word deur middel van die distrikskantoor vir aanvaarding en opmerkings na hoofkantoor gestuur.

4.3.3 Bekwaamheid van die beheerliggaamvoorsitter en ouerlede van die beheerliggaam ten opsigte van die finansiële bestuur van die skool

Tabel 4.18: Ouerlede se beleidsbekwaamheid

S = skoolhoof, V = voorsitter

	Uiters swak		Swak		Goed		Uitstekend	
	S	V	S	V	S	V	S	V
Lees en vertolking van onderwyswetgewing, omsendbriewe en beleid	2	1	10	4	4	5	0	0
Begrip van vergaderingprosedures	0	0	5	0	10	7	0	3
Opstel van skoolbeleid	3	2	10	3	3	5	0	0

Die beheerliggaamvoorsitters blyk nie daartoe in staat te wees om onderwyswetgewing, omsendbriewe en beleid te lees en te vertolk nie. Dit hou waarskynlik verband met tabel 4.5, waarvolgens baie van hulle ongeletterd is en min weet van skoolbeheer en -bestuur. Die voorsitters verstaan oënskynlik vergaderingprosedures. Uit eie ervaring weet die navorser dat baie beheerliggaamlede ook in gemeenskapskomitees, unies en sportklubs dien, wat hul kennis van vergaderingprosedures kan versterk. Tog kan hulle nie skoolbeleid opstel nie. Vir ouerlede van die beheerliggaam van landelike skole is dit 'n probleem, want vanweë hul onkunde word hulle moontlik nie die geleentheid gegun om hulself uit te druk nie juis omdat hulle as 'ongeletterd' of 'plaaswerkers' beskou word. Die vraag kan dus ontstaan of hulle regtig enigsins tot skoolontwikkeling kan bydra.

Tabel 4.19: Ouers se vermoë om beleidsfunksies uit te voer

S = skoolhoof, V = voorsitter	Stem glad nie saam nie		Stem nie saam nie		Stem saam		Stem heel- hartig saam	
	S	V	S	V	S	V	S	V
Ek stel skoolbeleid op en hersien finansiële beleid namens my skoolbeheerliggaam.	3	1	9	5	4	4	0	0
Die opvoederlede van my skoolbeheerliggaam stel finansiële beleid op en hersien bestaande beleid.	0	1	9	6	6	3	1	0
Die skoolbestuurspan (SBS) stel finansiële beleid op en hersien bestaande beleid.	0	1	7	4	8	2	1	2
Die ouerlede van my skoolbeheerliggaam is bevoeg om finansiële beleid op te stel en bestaande beleid te hersien.	3	1	13	5	0	4	0	0
Ek vertrou die ouerlede van my skoolbeheerliggaam met die opstel en hersiening van finansiële beleid.	3	0	12	4	1	5	0	0
Die ouerlede van my skoolbeheerliggaam is beskikbaar om finansiële beleid op te stel en te hersien.	2	0	3	3	11	5	2	1
Die ouerlede van my skoolbeheerliggaam verstaan hulle rolle en funksies.	0	0	4	3	12	4	0	2
Die ouerlede van my skoolbeheerliggaam het opleiding ten opsigte van hulle rolle en funksies ontvang.	0	0	3	2	11	6	2	2
Die ouerlede van my skoolbeheerliggaam kan tussen wetgewende finansiële beheer en die bestuur van die skool onderskei.	1	0	11	6	3	2	1	2
Die ouerlede van my skoolbeheerliggaam berei voor vir vergaderings.	0	1	8	4	8	3	0	2
Die ouerlede van my skoolbeheerliggaam is toegewyd ten opsigte van hul portefeuljepligte.	1	0	4	4	10	5	1	1

Die opstel en inwerkingstelling van beleid bly 'n kopseer in skole, volgens Mestry (2004:1), en landelike skole is geen uitsondering nie. Ouers in landelike skole word nie met die opstel en hersiening van veral finansiële beleid vertrou nie. Hoewel ouerlede toegewyd is aan hul pligte, wil dit voorkom of die res van die beheerliggaam wil te kenne gee dat ouerlede onbekwaam is om beleid op te stel. Dit wil voorkom of hul gebrek aan kennis en ervaring grootliks 'n rol speel. Ouerlede van die beheerliggaam pas nie kontrole oor die beleid en die toepassing daarvan toe nie. Die onderwysers en die ouers (beheerliggaam) behoort die beleid saam op te stel en te hersien om vordering en leemtes te kan waarneem. Die toepaslikheid van die beleid op skole kan dus bevorder word indien daar saam daarvoor besin en besluit word. Die beleid moet prakties uitvoerbaar wees. Die ouerlede van die beheerliggaam verstaan hul rolle en funksies volgens die Skolewet (RSA, 1996b), omdat hulle daarin opgelei is, maar kan nie tussen die wetgewende beheer en bestuur van finansies onderskei nie. Die ouerlede van die beheerliggaam se onbekwaamheid en onervarenheid oor finansies dui daarop dat meer finansiële opleiding moet geskied om bewusmaking teweeg te bring. Die vraag ontstaan dikwels of hulle wéét dat opleiding plaasvind en of dit nie dalk te oppervlakkig aangebied word nie. Veral die beheer en bestuur van finansies in landelike skole ly daaronder, omdat ouers geen ondervinding en begrip daarvan het nie.

Tabel 4.20: Ouers se vermoë om bepaalde take uit te voer**S = skoolhoof, V = voorsitter**

	Uiters swak		Swak		Goed		Uitstekend	
	S	V	S	V	S	V	S	V
'n Bankdepositostrokke korrek voltooi	1	0	6	3	9	4	0	3
Bankinstrumente, soos internetbankdienste, gebruik	6	3	8	3	2	3	0	1
'n Voorlegging vir 'n geldinsamelingsprojek skryf	2	0	12	6	2	2	0	2
Aktief by geldinsamelingsprojekte betrokke raak	0	0	4	2	10	6	2	2
Die jaarlikse begroting voorberei	3	0	9	6	4	2	0	2
'n Skoolfonds stig en bestuur	3	0	9	5	4	4	0	1
'n Bankrekening open en bestuur	3	0	9	5	4	3	0	2
Die finansiële rekords van die skool byhou	2	0	10	6	4	2	0	2
Korrupsie en bedrog voorkom en opspoor	1	0	1	6	11	2	3	2
Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal vir die skool aankoop	1	0	2	4	9	3	4	2
Alle dokumente ter ondersteuning van transaksies byhou, soos rekwisiesvorme, fakture en afleweringsbriewe	3	0	8	6	5	2	0	2
Tjeks in chronologiese orde bewaar	1	0	9	6	6	1	0	3
Die maandelikse bankstate en alle ander dokumente veilig bewaar	0	0	9	5	6	3	0	2
Die joernale aan die einde van elke maand balanseer	3	0	11	6	2	3	0	1

Beheerliggaamlede (ouers) se ywer kan nie geringgeskat word nie, omdat hulle volgens tabel 4.19 bereidwillig is en betrokke wil wees. Sekere aspekte verg méér opleiding en ander nie. Veral tegniese vaardighede soos internetgebruik, veral die gebruik van internetbankdienste; die opening van 'n bankrekening; die opstel van begrotings, en die beheer daarvan, sowel as die byhou, liasering en opstel van finansiële rekords is moeilik vir ouerlede van die beheerliggaam, omdat hulle nie oor die nodige kennis en finansiële vaardighede beskik nie. Ouers is nie by die opstel van die jaarlikse begroting betrokke nie, omdat hulle dit nie verstaan nie of nie weet hoe om dit op te stel nie. Gevolglik hou die bewaring van finansiële rekords 'n bedrogrisiko in, wat tot die wanbestuur van skoolfinansies kan lei (Beckmann & Prinsloo, 2006:486). Ouerlede van die beheerliggaam lewer 'n positiewe bydrae deur hul betrokkenheid by geldinsamelingsprojekte van hul skole, omdat hulle oor die algemeen by skoolaktiwiteite betrokke is. Dit wil ook voorkom of die beheerliggaam die aankope van onderrig- en leerondersteuningsmateriaal kan behartig om te verseker dat leer plaasvind. Tog is baie beheerliggaamlede bang om die skool se finansies te bestuur, omdat hulle te onkundig voel daarvoor. Hoewel tabel 4.19 aandui dat hulle wél opleiding in hul finansiële pligte ontvang het, ontbreek die selfvertroue en ervaring in finansiële bestuur. Dit kan wees dat die ouers nie praktiese blootstelling kry aan hoe skole se finansies werk nie. Praktieser indiensopleiding oor skoolfinansies kan dus tot meer bewustheid van skoolfinansies by ouers bydra. Geletterdheid sal egter 'n probleem bly, al word die ouers in die beheerliggaam ook prakties opgelei. Ouers kan wél bedrog opspoor, waarskynlik bloot omdat hulle onderling oor sekere finansiële verslae wat aan hulle voorgelê word, beraadslaag. Tabel 4.20 wys ook daarop dat ouerlede in die beheerliggaam nie die jaarlikse begroting kan hanteer en finansiële rekords byhou nie.

4.3.4 Die invloed van die geenskoolfondsbeleid op skole

Tabel 4.21: Voor my skool tot geenskoolfondsskool verklaar is

S = skoolhoof, V = voorsitter

Voor my skool tot geenskoolfondsskool verklaar is ...	Stem glad nie saam nie		Stem nie saam nie		Stem saam		Stem heelhartig saam	
	S	V	S	V	S	V	S	V
... het my skool oor genoeg geld beskik om alle finansiële verpligtinge na te kom	7	5	9	4	0	1	0	0
... was my skool se infrastruktuur in stand gehou en veilig	2	2	12	4	2	3	0	1
... was daar genoeg geld om vir onderwysers se professionele-ontwikkelingskursusse te betaal	3	3	12	6	1	1	0	0
... was daar genoeg geld om vir leerders se uitstappies te betaal	4	4	9	5	3	1	0	0
... was daar genoeg geld om affiliasiegelde vir deelname aan sportkodes te betaal	4	4	9	5	3	1	0	0
... was daar genoeg geld om die telefoonrekening te betaal	2	1	7	4	7	5	0	0
... was daar genoeg geld om die water-en-ligte-rekening te betaal	3	1	5	4	7	4	0	0
... was daar genoeg geld om vervoereise te betaal	4	2	8	4	4	4	0	0
... was daar genoeg geld om vir die daaglikse onderhoud van die skool te betaal	2	1	10	6	4	3	0	0

Voordat die deelnemerskole geenskoolfondsskole geword het, was daar oënskynlik min/onvoldoende geld beskikbaar om hul finansiële verpligtinge na te kom. Die hoofde en beheerliggaamvoorsitters is dit meestal oor die volgende eens: Daar was nie geld vir

instandhouding van die geboue, professionele ontwikkeling van personeel, uitstappies vir leerders, geld vir affiliasiekoste vir leerders se deelname aan sportkodes, of vervoereise nie. Die Onderwysdepartement het gereken dat ingevorderde skoolfonds daarvoor moes betaal. Ongelukkig het dít nie gerealiseer nie. Geldinsamelingsprojekte soos kermisse en sportbyeenkomste het skole se hoofinkomstebron geword om gedeeltelik in skole se behoeftes te voorsien. Net die telefoon- en water-en- ligte-rekening kon betaal word, omdat skole en die Departement dit as noodsaaklike dienste geag het. Dit blyk dat daar genoeg geld vir die basiese dinge was, maar nie vir ander belangrike/noodsaaklike dinge nie. Die Onderwysdepartement het die infrastruktuur van die skole in stand gehou, maar op grond van 'n jare lange waglys. Skole het swaar op geldinsamelingsprojekte gesteun om te oorleef, want die skoolfonds was die enigste inkomste.

Tabel 4.22: Nadat my skool tot geenskoolfondsskool verklaar is**S = skoolhoof, V = voorsitter**

Nadat my skool tot geenskoolfondsskool verklaar is ...	Stem glad nie saam nie		Stem nie saam nie		Stem saam		Stem heelhartig saam	
	S	V	S	V	S	V	S	V
... beskik my skool oor genoeg geld om alle finansiële verpligtinge na te kom	2	3	7	4	7	3	0	0
... word my skool se infrastruktuur in stand gehou en is dit veilig	2	2	3	4	11	3	0	1
... is daar genoeg geld om vir onderwysers se professionele-ontwikkelingskursusse te betaal	3	3	8	5	5	2	0	0
... is daar genoeg geld om vir leerders se uitstappies te betaal	4	3	8	6	4	1	0	0
... is daar genoeg geld om affiliasiegelde vir deelname aan sportkodes te betaal	2	3	8	4	6	3	0	0
... is daar genoeg geld om die telefoonrekening te betaal	1	2	4	2	11	6	0	0
... is daar genoeg geld om die water-en-ligte-rekening te betaal	1	2	2	1	11	6	0	0
... is daar genoeg geld om vervoereise te betaal	2	3	6	1	8	5	0	0
... is daar genoeg geld om vir die daaglikse onderhoud van die skool te betaal	2	3	4	1	10	6	0	0

Nadat al die deelnemerskole geenskoolfondsskole geword het, is daar steeds nie geld om die skool se finansiële verpligtinge na te kom nie. Skole se infrastruktuur word in stand gehou, terwyl veiligheid by die skool ook goed is. Dít dui waarskynlik daarop dat dit vir die Wes-

Kaapse Onderwysdepartement 'n prioriteit is om skole se infrastruktuur te verbeter en om skole veilige hawens vir leerders te maak. Tog ontbreek geld vir professionele ontwikkeling van personeel, opvoedkundige uitstappies vir leerders, en affiliasiekoste vir leerderdeelname aan verskillende sportkodes. Die beleidvormers van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement sal moet beraadslaag en in hul jaarlikse Norme en Standaarde-toekennings aan skole voorsiening maak vir geld vir professionele ontwikkeling van personeel, opvoedkundige leerderuitstappies en sportaffiliasiekoste, aangesien die gebrekkige finansiering daarvan tans leerders se talent- en algemene ontwikkeling benadeel. Die munisipale en telefoondienste aan die skool kan uit die beskikbare geld gedek word. Ook kan vervoereise en die daaglikse onderhoud van die skool gefinansier word om onderrig en leer te laat plaasvind.

Voor en ná die inwerkingstelling van die geenskoolfondsbeleid het geringe veranderinge dus plaasgevind, hoewel bepaalde skooluitgawes steeds nie gefinansier word nie. Verbeteringe word opgemerk in die instandhouding van skoolinfrastruktuur en die beveiliging van skole. Ook word uitgawes soos daaglikse skoolonderhoud en vervoereise nou gedek. Wat egter hier belangrik is, is dat geldinsamelingsprojekte ná die inwerkingstelling van die geenskoolfondsbeleid begin minder raak het, omdat opvoeders én ouers hul nou blykbaar geheel en al op die staat se toelaag per leerder (R996) verlaat.

Tabel 4.23: Persentasie bestee aan leer- en onderrigondersteuningsmateriaal

50%	3	Minder as 50%	6	Meer as 50%	7
-----	---	---------------	---	-------------	---

Sewe skole het aangedui dat daar meer as 50% aan leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) bestee word. Dít beteken dat hoewel die hulpbronne beskikbaar is, daar oorbestede word, waarskynlik weens onkunde en swak beplanning. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement betaal die LOOM wanneer daar oorbestede word, maar verhaal dit in die daaropvolgende jaar van die bepaalde skole se finansiële toekennings.

Tabel 4.24: Persentasie bestee aan munisipale dienste

24%	5	Minder as 24%	2	Meer as 24%	7
-----	---	---------------	---	-------------	---

Skole se besteding aan munisipale dienste styg jaarliks, omdat dié dienste as noodsaaklik beskou word.

Tabel 4.25: Persentasie bestee aan onderhoud en hersteldienste

6%	4	Minder as 6%	2	Meer as 6%	8
----	---	--------------	---	------------	---

Die meeste skole het meer as 6% aan onderhoud en hersteldienste bestee. Omdat ouers nie self onderhoud en herstelwerk by skole wil doen of genooi word om hul dienste vrywillig aan skole te lewer nie, veroorsaak dit dié oorbesteding. Skole is ongelukkig dikwels die teiken van vandale, en verg dan herstelwerk.

Tabel 4.26: Persentasie bestee aan plaaslike aankope van verbruiksgoedere, soos skryfbehoeftes, skoonmaakmiddels, noodhulp, ensovoorts

20%	2	Minder as 20%	2	Meer as 20%	11
-----	---	---------------	---	-------------	----

Die besteding aan bogenoemde is meer as 20%. Hoewel die goedere noodsaaklik is vir skole om onderrig van gehalte te bied en 'n gesonde leeromgewing te skep, is daar oorbestede, wat waarskynlik toe te skryf is aan die beheerliggaam se onkunde en swak geldelike beplanning. Sodanige oorbesteding is nadelig vir skole, omdat hulle in die daaropvolgende jaar minder geld sal ontvang nadat die Departement die oorbestede bedrag verhaal het. Uiteindelik ly leerders daaronder, omdat minder geld vir plaaslike aankope beskikbaar is.

Algemene afleidings van tabel 4.23–4.26

Die moontlikheid bestaan dat die skole se begrotings nie reg beplan word nie. Skole het in elke opsig oorbestede, wat 'n oortreding is van die reëls en voorskrifte ingevolge die Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (RSA, 2006). In geval van oorbesteding, word die oorbestede gedeelte van die Departement se toekenning vir die daaropvolgende jaar verhaal.

In geval van onderbesteding, word die geld verbeur. Dít is die geval in artikel 20-skole, waar geld deur die staat beheer word. Daarenteen beheer artikel 21-skole hul eie finansies, hoewel bepaalde voorskrifte geld oor hoe en waaraan die geld bestee moet word. Artikel 21-skole se geld word soos artikel 20-skole s'n in April en November van elke jaar in hul bankrekeninge inbetaal. As hulle dit nie bestee nie, word hul toekenning vir die daaropvolgende jaar verminder. Die oorbesteding deur die deelnemerskole dui daarop dat voorafbeplanning vir besteding dalk nie plaasgevind het nie, wat getuig van swak bestuur weens gebrekkige kennis. Die vraag ontstaan ook of die skoolhoof en beheerliggaam die Norme en Standaarde-beleid reg verstaan en vertolk. Ook kan daar gevra word of hulle oor die vermoëns en vaardighede beskik om skole se finansies te bestuur en akademiese besluite te neem.

Tabel 4.27: Aantal skole met bykomende inkomstebronne

Ja	16	Nee	0
-----------	----	------------	---

Sestien skole het aangedui dat hulle oor ander inkomstebronne ook beskik.

Tabel 4.28: Bykomende inkomstebronne

Donasies	12
Borgskappe	4
Verhuring van die skool se geboue of fasiliteite	6
Geldinsamelingsprojekte	14
Skoolsnoepie	4
Ander (spesifiseer asseblief)	0

Twaalf skole is afhanklik van donasies deur verskaffers of plaaseienaars wie se werknemers se kinders by die skole ingeskryf is. Vier skole verkry finansiële steun van borgskappe, terwyl ses skole hul geboue op bepaalde voorwaardes aan die gemeenskap verhuur. Geldinsamelingsprojekte soos kermisse en sportdae is van die gewildste pogings (14 skole) om fondse te werf. Donasies (12 skole) en geldinsamelingsprojekte (14 skole) word dus die algemeenste by skole toegepas om bykomende inkomste te skep – albei aktiwiteite waarin die

gemeenskapsbetrokkenheid van die beheerliggaam waarskynlik 'n belangrike rol speel (sien tabel 4.20).

Tabel 4.29: Hoeveelheid inkomste wat deur bykomende bronne geskep word

7 skole samel R20 000 per jaar in

2 skole = R10 000, 2 skole = R35 000, 1 skool = R25 000

Dit is volgens die navorser nie 'n goeie idee om hierdie geld te gebruik om opvoeders vir lang tydperke aan te stel nie. Op kort termyn kan skole die geld eerder na gelang van hul behoeftes aanwend. Die navorser reken die geld moet vir onderrig- en leerdoeleindes aangewend word om die gehalte van onderrig en leer te verbeter.

Tabel 4.30: Behoeftes aan beskikbaarstelling van geld vir beheerliggaamposte

Ja	10	Nee	4
----	----	-----	---

Tien skole het aangedui dat die staat fondse moet beskikbaar stel om bykomende opvoeders mee aan te stel.

Tabel 4.31: Redes vir die respons in tabel 4.30

Skole benodig bykomende opvoeders omdat klasse reeds oorvol is, wat leerders se opvoeding benadeel. Individuele aandag kan nie aan leerders geskenk word nie en gedragsprobleme kan ontstaan. Multigraadklasse bring mee dat twee of drie graadgroepe gesamentlik onderrig ontvang, wat die onderrig- en leerproses strem. Ook die administratiewe werklast verhoog vir die opvoeder sowel as vir die skoolhoof, wat terselfdertyd moet klasonderrig gee.

Tabel 4.32: Beheerliggaamposte

8 skole het geen skoolbeheerliggaamposte nie, 5 skole het 1 beheerliggaampost, 1 skool het 3 beheerliggaamposte, 2 skole het 4 beheerliggaamposte. Finansies speel 'n gewigtige rol in die aanstelling van beheerliggaampostvoeders. By gebrek aan geld om ekstra opvoeders aan te stel, moet die skool geldinsamelingsfunksies reël om genoeg geld vir sodanige aanstelling(s) te bekom. So nie, moet die skool sonder die opvoeders klaarkom. Beheerliggaamaanstellings se salarisse word gedek deur geldinsamelingsprojekte (sportdae, verkope en karnavalle) en donasies deur plaaseienaars.

4.3.5 Die hoof se opvatting oor ouers se reaksie op geenskoolfondsskole

Tabel 4.33: Ouers se reaksie op die geenskoolfondsbeleid'

	Ja	Nee	
Is ouers nog gewillig om vir iets te betaal as u hulle daarvoor vra?	10	6	
Het ouers hul kinders uit u skool gehaal?	0	16	
Het meer ouers hul kinders by u skool kom inskryf?	2	14	
Het ouers 'n keuse van skole in die omgewing?	9	7	
Probeer ouers die skool verbeter, byvoorbeeld deur lekkende krane te herstel, klaskamers te verf, tuine aan te plant, ensovoorts?	6	10	
Is ouers bereid om geldelik tot leerders se uitstappies by te dra?	14	2	

Uit bostaande blyk dat ouers bereid is om te betaal vir aktiwiteite waarby hulle kinders direk baat vind. Hoewel dit wil voorkom of ouers nie hul kinders uit skole met geenskoolfondsstatus haal nie, het daar ook geen vermeerdering van leerders by skole met geenskoolfondsstatus plaasgevind nie. Daar is oënskynlik 'n keuse van skole in die omgewing, en ouers kan dus waarskynlik kies om hul kinders in te skryf by skole waar ouers wél vir onderrig moet betaal. Ouers se betrokkenheid in skoolherstel- en skoolinstandhoudingswerk is power. Dít kan daaraan toe te skryf wees dat hulle dalk nie oor die vaardighede vir instandhoudingswerk beskik of weet dat skole instandhoudingswerk nodig het nie. Tog speel ouers se toewyding aan die skool 'n belangrike rol in skoolontwikkeling. By die meeste skole is ouers bereid om geldelik tot leerderuitstappies by te dra. Die navorser vermoed dat dít is omdat ouers self nooit hul kinders op uitstappies kan neem nie.

Skole se aanbevelings aan die Wes-Kaapse Onderwysdepartement oor die toekenning van begrotings aan skole

Skole wil graag hê dat die Departement die volgende in gedagte hou in die berekening van begrotingstoekennings aan skole: sport- en kultuuraffiliasiegelde vir deelname aan sportkodes en kultuuraktiwiteite, opvoedkundige uitstappies waartydens buitelugopvoeding plaasvind, die immer stygende koste van munisipale dienste, stygende instandhoudingskoste, koste verbonde aan beheerliggaamposte, geld vir geletterdheids- en geswyerdheidsstrategieë, geld vir die aanstelling van administratiewe beamptes om die administrasie van die skool te hanteer,

genoeg rekenaars vir elke leerder om op te werk, sportvelde om sportdeelname te bevorder, en geld vir die verbetering van waterstelsels en die opknapping en uitbreiding van geboue.

Bewyse van verandering/gebrek aan verandering by skole met geenskoolfondsstatus

Die finansiële omstandighede van die skole in die steekproef het oënskynlik nie verbeter nie, omdat hulle nie genoeg geld het om skoolverbetering teweeg te bring nie. Poste kan gevul word en die finansiële druk op arm ouers word verlig. Tog word 'n gebrek aan ouerbelangstelling in geldinsamelingsprojekte waargeneem. Positiewe veranderinge behels dat skooluitgawes gedek kan word. Leerders bly nou langer in die skoolstelsel, omdat hulle nie skoolgeld hoef te betaal nie. Omdat leerders egter nie die skoolterrein en -geboue respekteer nie, steek vandalisme gereeld kop uit, wat onvoorsiene finansiële uitgawes teweegbring en ekstra koste vir die staat beteken.

4.4 Samevatting

Daar sal 'n verskuiwing moet kom om veral ouers by landelike skole van meer intense opleiding in skoolbeheer en -bestuur te voorsien ten einde hulle vir die taak voor te berei wat op hulle wag wanneer hulle hul as lede van die beheerliggaam verkiesbaar stel. Hul huidige onbekwaamheid en ongeletterdheid maak dit vir hulle moeilik – en in sommige gevalle onmoontlik – om hul taak na behore te verrig. Hoofstuk 5 bied vervolgens die studiegevolgtrekkings, antwoorde op die navorsingsvrae en bepaalde aanbevelings aan.

HOOFSTUK 5: Navorsingsresultate

5.1 Inleiding

Hierdie navorsing is uitgevoer om te bepaal watter invloed die Skolewet op die finansiële beheer en bestuur van landelike geenskoolfondsskole in die Weskus-Wynland-onderwysdistrik het. Aan die hand van die antwoorde van deelnemerskole se skoolhoofde en beheerliggaamvoorsitters het die navorser bepaald die volgende vrae probeer beantwoord: Beskik ouerlede van die skoolbeheerliggaam oor die nodige finansiële vaardighede om die skool se finansies doeltreffend te beheer en te bestuur? Hoe word die geenskoolfondsbeleid in landelike skole toegepas?

Dié hoofstuk bevat die studiegevolgtrekkings en -aanbevelings op grond van die empiriese bevindinge (hoofstuk 4) sowel as die literatuuroorsig (hoofstuk 2).

5.2 Gevolgtrekkings

Die probleemgebiede en tendense wat uit die data in hoofstuk 4 na vore kom, word vervolgings afsonderlik onder elke kernvraag behandel. Die sekondêre vrae word eerstens bespreek en beantwoord, gevolg deur die primêre vraag.

5.2.1 Sekondêre navorsingsvrae

- (a) Beskik ouers oor die finansiële vaardighede en kennis om skole se finansies te kan hanteer.

Desentralisasie bied die raamwerk en grondslag aan die hand waarvan skoolbeheer en -bestuur moet plaasvind. Soos vroeër verduidelik is, verwys desentralisasie na die afwenteling van gesag vanaf 'n hoër na 'n laer vlak. In skole beteken dit dat gedelegeerde magte na die beheerliggaam en skool verskuif. In die onderwys beteken dit dat ouers en die gemeenskap groter seggenskap in die beheer en bestuur van skole, veral skoolfinansies, het. Uit hoofstuk 4 (tabel 4.1, 4.2 en 4.5) blyk egter dat ouerlede van die beheerliggame van die deelnemende landelike skole oorwegend ongeletterd, onervare en onbekwaam is om hul voorgeskrewe

magte en funksies uit te voer. Die amptelike delegasieprosesse en -stappe is inderdaad gevolg – die nodige ampte is gevul en die nodige mense gekies om in die beheerliggaam te dien (tabel 4.3). Tog is blote voldoening aan die amptelike desentralisasiebeleid nie voldoende nie. Dit beteken immers nie noodwendig beleidsbekwaamheid (tabel 4.18), die vermoë om beleidsfunksies uit te voer (tabel 4.19) of die vermoë om ander skoolbeheertake na behore te verrig nie (tabel 4.20).

- (b) Watter finansiële rolle, funksies en verantwoordelikhede ken die Skolewet aan beheerliggame toe?

In hoofstuk 2 (sien paragraaf 2.2 en 2.5.10) word beheerliggame se rolle, funksies en verantwoordelikhede volledig verduidelik. Ouers se betrokkenheid by, en deelname aan, besluitnemingsprosesse het belangrik geword om skoolvordering en -ontwikkeling teweeg te bring. Wetgewing (die Skolewet) bepaal die beheerliggaam se rolle en funksies. Respondente in die studie voldoen aan die wetlike vereistes: Die beheerliggaam is volledig en verkose, en voer die amptelike wetlike prosesse soos ouditering uit. Tog dui tabel 4.18, 4.19 en 4.20 op ouers se swak beleidsbekwaamheid en vermoë om beleidsfunksies en ander take in hul landelike skole te verrig. Hulle verstaan wel vergaderingprosedures, is beskikbaar om beleid op te stel en te hersien, begryp hulle rolle en funksies, het opleiding daarin gekry, en is toegewyd aan hul pligte. Tog verbeter dít nie skoolbeheer en -bestuur nie: Ouers verstaan dalk wat van hulle verwag word, maar kan dit nie toepas nie.

- (c) In watter mate is ouers in die beheerliggaam van landelike geenskoolfondsskole in die Weskus-Wynland-onderwysdistrik in staat om die rolle, funksies en verantwoordelikhede ingevolge die Skolewet te verrig?

Tabel 4.16 toon dat ál die komponente waaruit die beheerliggaam bestaan, by die finansiële bestuur van die skole betrokke is deurdat hulle in die finansiële komitee dien. Tog dui tabel 4.18, 4.19 en 4.20 op die ondoeltreffendheid en gebrek aan verbetering by ouerlede van die beheerliggaam. Op 'n paar gebiede vaar die ouers blykbaar goed: Hulle verstaan vergaderingprosedures en is beskikbaar om finansiële beleid op te stel en te hersien. Dít dui op hul toegewydheid aan hul betrokke skole. Op die meeste ander gebiede vaar hulle egter swak, onder meer die vertolking van onderwyswetgewing en omsendbriewe, en die opstel, lees en vertolking van beleid. Hul onvermoë om byvoorbeeld bankinstrumente te gebruik,

voorleggings vir geldinsamelingsprojekte te skryf, begrotings voor te berei, bankrekeninge te open en te bestuur, en finansiële rekordhouding en optekening te behartig dui op onbekwaamheid, en kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die meeste ouers net tot graad 6 onderrig is (tabel 4.5). Hul ervaring, ondervinding en kennis van skoolbestuur laat hul voormelde take swak uitvoer. Die Skolewet (RSA, 1996b) omskryf uitdruklik dat beheerliggaamlede se werksaamhede en funksies finansiële beheer en bestuur insluit. Volgens Mestry (2004:1) is die opstel van beleid, en bepaald die samestelling van die finansiële beleid, inderdaad 'n probleem in landelike skole. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat die skoolhoofde, weens hul baie ervaring en goeie kwalifikasies, beter weet wat om te verwag as die beheerliggaamvoorsitters. Tog reken die navorser dat ouers darem in 'n mate bewus moet wees van wat skoolbeheer en -bestuur, veral met betrekking tot skoolfinansies, behels. Ouers móét weet watter dokumente gebruik word om finansies op te teken, hoe dit gedoen word en hoe dit gemoniteer kan word. Ook kan hulle bewus gemaak word van hoe begrotings opgestel, in werking gestel en gemoniteer word.

- (d) Beskik die skoolhoof en ouerlede van die skoolbeheerliggaam oor die nodige finansiële vaardighede om die skool se finansies doeltreffend te beheer en te bestuur?

By die meeste skole (tabel 4.14) hou 'n nie-opvoederlid (dit wil sê 'n ouer) van die beheerliggaam die finansiële boekhouding by. Tog word dit nie doeltreffend gedoen nie (tabel 4.20). Volgens tabel 4.13 kan die beheerliggaam beheer uitoefen, want die meeste se tesourier-amp is gevul, maar word daardie taak in baie gevalle aan ouerlede van die beheerliggaam toevertrou (tabel 4.14), van wie min die boekhouding kan beheer en bestuur (tabel 4.20). Daarbenewens word finansiële beheer by skole op die rekenaar gedoen, wat moeilik sal wees vir ouers in die beheerliggaam wat ongeletterd is (tabel 4.5) en nie kennis van die finansiële stelsel dra nie. Tabel 4.19 dui aan dat die Onderwysdepartement wél opleiding oor finansies voorsien, maar ouerlede in die beheerliggaam verstaan steeds nie die praktiese toepassing en uitvoering daarvan nie. Hul ervaring en geletterdheid (tabel 4.2 en 4.5) speel 'n groot rol hierin. 'n Voorstel sou wees dat ouerlede van die beheerliggaam nie vir die finansiële funksies van die skool verantwoordelik gemaak word nie, maar dat dit eerder aan die skoolhoof of opvoederlede van die beheerliggaam toevertrou word.

- (e) Watter invloed het die geenskoolfondsbeleid op onderwys by landelike geenskoolfondsskole in die Weskus-Wynland-onderwysdistrik?

Volgens tabel 4.21 het skole voor die instelling van die geenskoolfondsbeleid nie oor genoeg geld beskik om hul finansiële verpligtinge na te kom nie. Dit is waarom skole (tabel 4.28) op bykomende inkomstebronne soos donasies en geldinsamelingsprojekte staatmaak. Die navorser se eie ervaring is dat dié geld vir personeelontwikkeling, ’n gedeelte van opvoedkundige uitstappies (omdat leerders die helfte bydra) en vervoereise gebruik word. Wat positiewe aspekte betref, word die infrastruktuur van skole in stand gehou, en is veiligheid by die skole goed. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement begroot immers vir voormelde projekte, synde ’n departementele prioriteit. Skole het egter volgens tabel 4.23 tot 4.26 oorbestede aan leer- en onderrigondersteuningsmateriaal, munisipale dienste, onderhoud en hersteldienste, en verbruiksgoedere, wat aandui dat die begrotings van die skole nie reg beplan of bestuur word nie. Sodanige ondoeltreffende bestuur getuig van onkunde en leemtes in finansiële beplanning. Ouers kan dus nie werklik met die bestuur van die skool se geld vertrou word nie (tabel 4.19). Hulle beskik nie oor die kundigheid en ervaring daarvoor nie. Ouerlede van die beheerliggaam weet nie hoe om die skoolbegroting op te stel nie (tabel 4.20). Die opleiding wat hulle ontvang het, was dalk nie goed genoeg nie, of is nie gepas vir hul geletterdheidsvlak (tabel 4.5) aangebied nie. In die lig van die bevindings oor die onvermoë van ouerlede van die beheerliggaam, word daar veral in landelike skole onrealistiese eise aan die beheerliggaam gestel.

5.2.2 Primêre navorsingsvraag

Watter invloed het die Skolewet op die finansiële beheer en bestuur van landelike skole.

Tabel 4.21 en 4.22 toon dat die Skolewet baie weinig invloed op die finansiële beheer en bestuur van landelike geenskoolfondsskole in die Weskus-Wynland-onderwysdistrik het. Die bewyse is soos volg: Sowel voor as nadat skole geenskoolfondsskole geword het, is daar nie genoeg geld beskikbaar om skole se finansiële verpligtinge na te kom nie. Sowel voor as nadat skole geenskoolfondsskole geword het, is daar nie genoeg geld vir personeelontwikkeling, leerderuitstappies en affiliasiegelde vir deelname aan sportkodes nie. Die enigste verbeteringe van voor tot ná die inwerkingtreding van die geenskoolfondsbeleid blyk te wees in infrastruktuurinstandhouding en skoolveiligheid, sowel as die beskikbaarheid

van geld vir telefoonkoste. Tog is daar vir noodsaaklike dienste soos telefoon- en krag- en waterkoste begroot en beplan, maar nie vir ander sake wat direk met onderrig en leer verband hou nie.

5.3 Aanbevelings

- (i) Finansiële opleiding aan beheerliggaamlede moet baie eenvoudig en meer prakties aangebied word. Dit behoort opleiding in te sluit oor die spesifieke funksies en gebiede wat uit tabel 4.18, 4.19 en 4.20 blyk. Werklike situasies wat al in finansiële beheer en bestuur in skole opgeduik het, kan aan beheerliggaamlede voorgehou word, sodat hulle kan vrae stel en praktiese raad inwin indien hulle nie weet hoe om bepaalde take te verrig nie.
- (ii) Skoolhoofde by landelike skole moet beheer neem of meer bykomende funksies kry, waaronder die bestuur van skoolfinansies, omdat hulle volgens tabel 4.1 en 4.2 beter gekwalifiseerd is en meer ondervinding het as die beheerliggaamvoorsitter. Ouers kan gerus van hul finansiële bestuursplig onthef word. Dit moet egter skriftelik plaasvind en deur die ouers onderteken word. Die verantwoordelikhede en bykomende funksies van beheerliggame in landelike gebiede moet dus hersien word in die Skolewet, omdat hierdie navorsing toon dat die gebrekkige ervaring, kwalifikasies en ondervinding van ouerlede in beheerliggame skoolbeheer en -bestuur strem.
- (iii) Die beleidvormers van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement behoort personeelontwikkeling, leerderuitstappies en affiliasiegelde vir sportdeelname in ag te neem wanneer hulle die Norme en Standaarde-toekenning aan skole bereken. Skole behoort ook hul skoolverbeteringsplanne (wat aktiwiteite volgens die nege fokusgebiede uiteensit en beplan) vir finansiering by die Departement te kan indien.
- (iv) Skole behoort gemeenskapskakeling aan te voor om ouers bewus te maak van hul belangrike rol in hul kinders se opvoeding. Skole kan ouers byvoorbeeld touwys maak in hoe hulle hul kinders by die huis met tuiswerk kan ondersteun, sowel as in rekenaargebruik, noodhulp, en skoolbeheer en -bestuur. Ouers moet voel dat die skool hulle by die besluitnemingsproses wil betrek.

5.4 Sterkpunte van die studie

Die geenskoolfondsbeleid was ten tyde van dataversameling vir hierdie studie maar in sy vyfde jaar van inwerkingstelling. Navorsing soos dié is dus juis in hierdie vroeë stadium noodsaaklik om in te gryp waar leemtes in die geenskoolfondsbeleid na vore tree. Die navorser sal ook beskikbaar wees om die resultate van hierdie studie met skole te deel.

5.5 Tekortkominge van die studie

Die beoordeling van die resultate van hierdie navorsing behoort teen die agtergrond van die volgende tekortkominge te geskied.

Die navorsing is by landelike skole in die Paarl- en Wellington-omgewing onderneem, en weerspieël as sodanig nie noodwendig die invloed van die geenskoolfondsbeleid op die finansiële beheer en bestuur van alle landelike skole nie. Voorts was vier skoolhoofde en sewe beheerliggaamvoorsitters onwillig om die vraelyste te voltooi, of het vergeet om dit te voltooi. Die moontlikheid bestaan dat hulle iets wou wegsteek of nie hul skoolsake wou openbaar maak nie, wat op sigself kommerwekkend is.

5.6 Betekenis van die studie vir die navorser

Buiten dat die navorser heelwat insig verkry het in die loop van die studie, het dit ook sy denke gestimuleer oor hoe skole se finansies beheer en bestuur móét word, sowel as oor watter vaardighede, kennis en kundigheid beheerliggaamvoorsitters en skoolhoofde moet beskik. Die navorsing het ook beklemtoon dat beheerliggaamvoorsitters en skoolhoofde baie nou moet saamwerk om geenskoolfondskole se finansies beter te beheer en te bestuur. Die studie het die navorser aangespoor om hom beskikbaar te stel om die resultate van die studie met skole te deel ter bevordering van beter skoolbeheer en -bestuur in landelike gebiede.

5.7 Aanbevelings vir verdere studie

Die navorser beveel graag die volgende verdere kwantitatiewe navorsing (vraelyste) aan wat met hierdie studie sou kon verband hou en verdere waarde kan toevoeg:

- (i) Ouers se gevoel oor, en ervaring van, hoe die geenskoolfondsbeleid toegepas word

- (ii) Die werking van die kwintielstelsel vir skole
- (iii) Die verhouding tussen die skoolhoof en ouers by landelike skole waar die geenskoolfondsbeleid toegepas word
- (iv) Watter uitwerking artikel 20- en artikel 21-status op skoolbestuur het

Bibliografie

- Ahmed, R. & Sayed, Y. 2009. Promoting access and enhancing education opportunities? The case of 'no-fee schools' in South Africa. *Compare: A journal of comparative and international education*, 39(2):203–218.
- Armste Suid-Afrikaanse kinders het nie toegang tot hul basiese regte. 2007. *Die Burger*. Maandag, Augustus: 6.
- Bates, R. 1996. *The Educational Costs of Managerialism*. November. Singapoer.
- Beckmann, J. 2000. *The Emergence of self-managing schools in South Africa: devolution of authority or disguised centralism?* Departement Onderwysbestuur-en-beleidstudies. Pretoria. Universiteit van Pretoria.
- Bell, J. 1999. *Doing your research project: A guide for first-time researchers in education and social science*. Derde uitgawe. Buckingham, Philadelphia: Open University Press.
- Berkhout, F. & Berkhout, S. 1992. *Die skool: Finansiële bestuurstegnieke*. Pretoria: J.L. van Schaik (Edms) Bpk.
- Berkhout, S., Van Wyk, B. & Waghid, Y. 2006. *Opvoedingsbeleidstudie*. Stellenbosch: Stellenbosch US-Drukkery.
- Bisschoff, T. & Mestry, R. 2009. *Financial School Management Explained*. Kaapstad: Pearsen Education.
- Bogdan, R. C. & Biklen, S.K. 2006. *Qualitative research for education: An introduction to theories and methods*. Boston: Pearson.
- Bray, M. 1996. *Decentralization of education: community financing* (Washington, World Bank).
- Bray, M. & Lillis, K. 1998. *Community financing of education issues and policy implications in Less develop countries*. Pergamon Press, Oxford.

- Briggs, A.R.J. & Coleman, M. 2007. *Research methods in educational leadership and management*. 2^{de} uitg. Sage Publishers.
- Bullock, A. & Thomas, H. 1997. *Schools at the Centre: A study of Decentralization*. London: Routledge.
- Bush, T. 1995. Educational leadership and management: *Theory, policy and practice South African Journal of Education*, 27(3) 391-406.
- Bush, T., Coleman, M. & Thurlow, M. 2003. *Leadership and strategic management in South African schools*. Huddersfield, Verenigde Koninkryk: The Charlesworth Group.
- Bush, T. & Heystek, J. 2003. *School governance in South-Africa*. Compare, 33(2), 127-138.
- Caldwell, B.J. & Spinks, J.M. 1992 *Beyond the self-managing school*. Londen: Falmer Press.
- Cohen, L. Manion, L. & Morrison, K. 2000. *Research methods in education*. 5^{de} uitg. Londen: Routledge Falmer.
- Conradie, J. 2001. Norms and standards for school funding, in J. de Groof, J. Heystek, R. Malherbe & J. Squels (reds.). *Governance of educational institutions in South Africa*. Gent: Myn & Breesch.
- Coopers & Lybrand en vennote. 1988. Local management of schools, in R. Levacic. *Financial management in education*. Bristol: Open University Press.
- Creswell, J. 1994. *Research Design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches*. Sage Publications: California.
- Creswell, J.W. 2003. *Research design: Qualitative, quantitative and mixed methods approaches*. Kalifornië: Sage Publications.

- Creswell, J.W., Ebersöhn, L., Eloff, I., Ferreira, R., Ivankova, N.V., Jansen, J.D., Nieuwenhuis, J., Pietersen, J., Plano-Clark, V.L. & Van der Westhuizen, C. 2011 *First steps in research*. 10^{de} uitg. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Davidson, J. 1970. *Outdoor recreation surveys: The design and use of questionnaires for site surveys*. Londen: Countryside Commission.
- Departement van Onderwys. 2003. *Education to all: Review of the financing, resourcing and costs of education public schools*. Pretoria: Departement van Onderwys.
- Departement van Onderwys. 2005. *Report of Ministerial Committee on Rural Education. A new vision for rural schooling*. Pretoria: Departement van Onderwys.
- De Vos, A.S. Strydom, H. Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots*. For the Social and Human Services Professionals. 3de uitgawe. Van Schaik Uitgewers.
- De Vos, A.S. Strydom, H. Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. *Research at grass roots*. 4de uitg. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Du Toit, R.M. 2008. *Bemagtiging van ouers en opvoeders in selfbesturende skole in Suid-Afrika*. Universiteit van Pretoria.
- Eachus, P. 2000. *Circular 13/2000: Directives regarding the administering of a School African Schools Act 84 of 1996*. 25 Februarie. Nasionale Onderwysdepartement: Pretoria.
- Fiske, E.B. 1996. *Decentralization of education: Politics and Consences* (Washington, DC, World Bank).
- Heystek, J. 2004. School governing bodies – the principal's burden or the light of his/her life? *South African Journal of Education*, 24(4): 308-312.
- Hudson, P. & Miller, C. 1997. The treasure hunt: Strategies for obtaining maximum response to a postal survey. *Evaluation and Research in Education*, 11(2):202–212.

- Kincheloe, J.L. 2003. *Teachers as Researchers: Qualitative Inquiry as a Path to Empowerment*. Tweede uitgawe. London & New York: Routledge Taylor & Francis Group.
- Kumar, R. 2005. *Research methodology: A step by step guide for beginners*. Tweede uitgawe. London: Sage Publications. Nieu-Delhi: Thousand Oaks.
- Lee, J.S. & Bowen, N.K. 2006. Parent involvement, cultural capital and the achievement gap among elementary school children. *American Educational Research Journal*, 43(2):193–218.
- Leedy, P. 1997. *Practical research: Planning and design*. Ohio: Prentice Hall.
- Levacic, R. 1989. Management of a delegated budget: Three schools' experience, in R. Levacic (red.). *Financial management in education*. Bristol: Open University Press.
- Lewis, S. & Naidoo, J. 2004. *Whose Theory of Participation? School Governance Policy and Practice in South-Africa* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.tc.Columbiaedu/cice/articles/sg//62.htm>. [2011, 07, 08].
- Lincoln, Y. & Guba, E. 1985. *Naturalistic Inquiry*. Beverly Hills, CA: Sage Publications.
- Maile, S. 2002. Accountability: An essential aspect of school governance. *South African Journal of Education*, 22:326–331.
- Malherbe, R. 1995. Centralization of power in education: Have provinces become nasional agents? TSAR 2: 237-52.
- McMillan, J.H. & Schumacher, S. 2001. *Research in education: A conceptual introduction*. 5^{de} uitg. New York: Longman.

- Mekentane, M.A. 2003. The role of school governing bodies in transforming education in South Africa: a Study of selected Secondary schools in the Tsomo district of Eastern Cape Province, Unpublished thesis, Stellenbosch: University of Stellenbosch.
- Mestry, R. 2006 Financial accountability: The principal or the school governing body? *South African Journal of Education*, 24(2):126–132.
- Ministerie van Onderwys. 1999. *Call to action: Mobilising citizens to build a South African education and training system for the 21st century*. Verklaring deur prof Kader Asmal, Minister van Onderwys. Pretoria: Ministerie van Onderwys.
- Motala, S. 2003. Quality and indicators of quality in South African education: a critical appraisal. *Internasional Journal of Educational Development* 21 (2001) 61-78.
- Motimele, M. 2005. School governing bodies: Rights and responsibilities. *Education Rights for Learners, Parents and Educators*, 7(Junie):1–27.
- Mouton, J. 1996. Understanding social research. Pretoria: Van Schaik.
- Mouton, J. & Marais, H.C. 1992. Basic concepts in the methodology of Social Science, Pretoria: Human Sciences Research Council.
- Naidu, A. Joubert, A. Mestry, R. & Mosoge, G. 2008. *Education management and leadership*. Kaapstad: Oxford University Press Southern Africa (Edms) Bpk.
- Odden, A. 1999. School-based financing in North America, in M.E. Goertz & A. Odden (reds.). *Twentieth annual yearbook of the American Education Finance Association: School-based financing*. Kalifornië: Corwin Press.
- Oosthuizen, I.J. & Rossouw, J. P. 2001. *Koers*, 66(4).
- Oppenheim, A.N. 1992. *Questionnaire Design, Interviewing and Attitude Measurement*. Nuwe uitgawe. Londen & New York: Pinter Publishers

- Pietersen, M. 2007. *Gevallestudie van die effek van die herverdeling van mag op vroue wat op skoolbeheerliggame dien*. MEd-studie. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Positive signs for Education. 2008. *The Educator's Voice*, 12(1):3.
- Prinsloo, I.J. 2009. State interference in the governance of public schools. *South African Journal of Education*, 26(30):355–368.
- Punch, K.F. 1998. *Introduction to Social Research: Quantitative & Qualitative Approaches*. Londen. Sage Publications. Nieu-Delhi: Thousand Oaks.
- Republiek van Suid-Afrika (RSA). 1996a. *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika (RSA). 1996b. *Suid-Afrikaanse Skolewet 86 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika (RSA). 1998. *National norms and standards for school funding*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika (RSA). 2005. *Wysigingswet op Onderwyswette 24 van 2005*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika (RSA). 2006. *Beleidsraamwerk: Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Samoff, J. 1990. Decentralisation: the politics of interventionism, *Development and Change*, 21, 513-530
- Sarantakos, S. 2005. *Social Research*. New York: Palgrave MacMillan.
- Sayed, Y. 2002. Democratising education in a decentralised system: South African policy and practice. *Compare: A journal of comparative and international education*, 32(1):35–46.

- Sayed, Y. & Soudien, C. 2003. *Decentralisation and the construction of inclusion education policy in South-Africa*. University of Cape Town, South Africa
- Segoati, M. 2002. Norms and Standards of School Funding in the Brits District, Johannesburg: University of Witwatersrand.
- Serrao, A. 2007. SA's public schools face financial crisis. *The Pretoria News*, 27 November: 4
- Stewart, J. & Holtham, C. 1989. Decentralized resource management in local government. In: Levacic, R. (Editor) *Financial management in education*. Bristol: Pearson.
- Taylor, N. 2001. School reform: How should government, donors, and NGO's relate? Memo.
- Terre Blanche, M. 2006. *Research in Practice: Applied Methods for the Social Sciences*. Tweede uitgawe. Kaapstad: UCT Press.
- Thwala, S.M. 2010. The management of "no fee" schools in Mpumalanga: A case study of selected Secondary Schools. Master of education. University of South-Africa. 2010
- Tsoku, M. 2004. Results from 1998 Malawi Household Panel Survey. Mimeo, National Economic Council, Malawi.
- Twis tussen skoolhoof en bestuursraad. 2001. *Rapport*, 8 April:7.
- UNDP. 2003. Human development report. Millennium development goals: a compact among nations to end human poverty (New York, UNDP).
- UNESCO. 2003. Global monitoring report: gender and education for all. The leap to equality (Paris, UNESCO).
- UNESCO. 2004. Global monitoring report: the quality imperative (Paris, UNESCO).

USAID. 2009. Identifying the impact of Education Decentralization on the Quality of Education. *Equip2 Working Paper: From the American People*.

We're the bosses, say principals. 2001. *Sunday Tribune*, 2 September:3.

Young, P. 1989. Local school management and school effectiveness, in R. Levacic (red.). *Financial management in education*. Bristol: Open University Press.

Van Deventer, I. & Kryger, A.G. 2003. *An educator's guide to school management skills*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Van Wyk, N. 2004. School Governing bodies: *the experiences of South African Educators*, South African Journal of Education, 24 (1), 49-54.

Waghid, Y. 2002. *Democratic Education: Policy and Praxis*. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch-drukkery.

Welsh, N. & McGinn, T. 1999. Decentralization of education: why, when, what and how? (Paris, IIEP).

Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD). 2006a. *Menslikekapitaal-ontwikkelingstrategie vir die Wes-Kaap*. Kaapstad: Departement van Onderwys. p 19.

Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD). 2006b. *Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing: Finansiële Toekenning vir die boekjaar 2007/2008*. Omsendbrief 0049/2006. Kaapstad: Departement van Onderwys.

Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD). 2007b. *Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing: Finansiële toekenning vir die boekjaar 2008/2009*. Omsendbrief 0051/2007. Kaapstad: Departement van Onderwys.

Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD). 2007c. *WCED finalises budgets for no fee schools* [Intyds]. Beskikbaar: www.wced.pgwc.gov.za/comms/press/2007/134.fees.html.

Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD). 2008. *Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing: Finansiële toekenning vir die boekjaar 2009/2010*. Omsendbrief 0034/2008. Kaapstad: Departement van Onderwys.

Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD). 2009. *Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing: Finansiële toekenning vir die boekjaar 2010/2011*. Omsendbrief 0032/2009. Kaapstad: Departement van Onderwys.

Wilson, N. & Mclean, S. 1994 *Questionnaire Design: A practical introduction*. Newton Abbey, Co.Antrim: University of Ulster Press.

Wêreldbank. 2003 *The World Bank and Agenda 21*. Washington DC: Internasionale Bank vir Heropbou en Ontwikkeling.

Bylae A: Etiekgoedkeuring: Universiteit Stellenbosch



UNIVERSITEIT-SELLENBOSCH-UNIVERSITY
Jou kennisvennoot • your knowledge partner

Approval Notice New Application

08-May-2012
MORRIS, Sohaal

Protocol #: HS618/2011

Title: **Die impak en invloed van die geenskoolfondsbeleid op die finansiële beheer en bestuur van landelike skole in die Weskus-Wyland Onderwysdistrik**

Dear Mr Sohaal MORRIS,

The New Application received on 21-Jul-2011, was reviewed by Research Ethics Committee: Human Research (Humanities) via Committee Review procedure on 28-Jul-2011 and has been approved.

Please note the following information about your approved research protocol:

Protocol Approval Period: 28-Jul-2011 - 27-Jul-2012

Present Committee Members:

Fouché, Magdalena MG
Van Wyk, Berte B
De Villiers, Mare MRH
Hattingh, Johannes JP
Theron, Carl CC
Somkhaba, Ncobazakhe NZ
Viviers, Sunette S
Bitzer, Elias EM
Engelbrecht, Sidney SF
Van Zyl, Gerhard Mkhonto
Van der Walt, Nicolene N

Standard provisions:

1. The researcher will remain within the procedures and protocols indicated in the proposal, particularly in terms of any undertakings made in terms of the confidentiality of the information gathered.
2. The research will again be submitted for ethical clearance if there is any substantial departure from the existing proposal.
3. The researcher will remain within the parameters of any applicable national legislation, institutional guidelines and scientific standards relevant to the specific field of research.
4. The researcher will consider and implement the foregoing suggestions to lower the ethical risk associated with the research.

You may commence with your research with strict adherence to the abovementioned provisions and stipulations.

Please remember to use your **protocol number** (HS618/2011) on any documents or correspondence with the REC concerning your research protocol.

Please note that the REC has the prerogative and authority to ask further questions, seek additional information, require further modifications, or monitor the conduct of your research and the consent process.

After Ethical Review:

Please note that a progress report should be submitted to the Committee before the approval period has expired if a continuation is required. The Committee will then consider the continuation of the project for a further year (if necessary). Annually a number of projects may be selected randomly for an external audit.

National Health Research Ethics Committee (NHREC) number REC-050411-032.

This committee abides by the ethical norms and principles for research, established by the Declaration of Helsinki, the South African Medical Research Council Guidelines as well as the Guidelines for Ethical Research: Principles Structures and Processes 2004 (Department of Health).

Provincial and City of Cape Town Approval

Please note that for research at a primary or secondary healthcare facility permission must be obtained from the relevant authorities (Western Cape Department of Health and/or City Health) to conduct the research as stated in the protocol. Contact persons are Ms Claudette Abrahams at Western Cape Department of Health (healthres@ggwc.gov.za Tel: +27 21 483 9907) and Dr Helena Visser at City Health (Helena.Visser@capetown.gov.za Tel: +27 21 400 3981). Research that will

Bylae B: Vraelyste: Skoolhoofde en beheerliggaamvoorsitters**Opname**

Watter impak en invloed het die geenskoolfondsbeleid op die finansiële beheer en bestuur van landelike skole in die Weskus-Wynland-onderwysdistrik (kring 1, 2 en 3)?

Mnr S. Morris, Primêre Skool Alfons, Windmeul, Posbus 2080, Agter-Paarl, 083 308 2955

VRAE AAN SKOOLHOOFDE EN BEHEERLIGGAAMVOORSITTERS**A. Biografiese gegewens**

S = skoolhoof, V = voorsitter

Tabel 1

Oor watter kwalifikasies beskik u?

	S	V
PhD		
MEd		
BEd (Hons)		
BEd (vier jaar lange graadprogram)		
BA (Hons)		
BA-graad + Onderwysdiploma of -sertifikaat		
Onderwysdiploma (drie of vier jaar)		
Ander (spesifiseer asseblief): Arbeiders		

Tabel 2

Hoeveel jare ondervinding het u?

	V	S
Minder as 5 jaar		
5–10 jaar		
10–20 jaar		
20–30 jaar		
Meer as 30 jaar		

Tabel 3**Voorsien ons asseblief van inligting ten opsigte van u skoolbeheerliggaamlede?**

Hoeveel ouers is lede van u skool se beheerliggaam?	
Hoeveel ouers is verkose lede?	
Hoeveel ouers is gekoöpteerde lede?	

Tabel 4**Is daar enige vakante poste in die skool se beheerliggaam?**

Ja		Nee	
-----------	--	------------	--

Tabel 5**Wat is die kwalifikasies van die ouerlede in die beheerliggaam?**

Geen amptelike opleiding of volwasse onderwys	
Skoolonderrig tot graad 6	
Graad 12	
Basiese volwassene-onderwys	
Drie jaar onderwys ná graad 12, soos sertifikate, diplomas of grade	
Meer as drie jaar onderwys ná graad 12, soos honneursgraad of hoër	

Tabel 6**Hoeveel leerders is by u skool ingeskryf?**

Minder as 100 leerders	
------------------------	--

101–300 leerders	
301–600 leerders	
601–1 000 leerders	
Meer as 1 000 leerders	

Tabel 7

Is u skool 'n artikel 20- of artikel 21-skool?

Artikel 20	
Artikel 21	

Tabel 8

Wat is u skool se kwintielkategorie?

Kwintiel 1		Kwintiel 2		Kwintiel 3		Kwintiel 4		Kwintiel 5	
------------	--	------------	--	------------	--	------------	--	------------	--

Tabel 9

In watter jaar is u skool tot geenskoolfondsskool verklaar?

Tabel 10

Hoeveel skoolgeld het u skool gehef voordat u geenskoolfondsstatus ontvang het?

--

Tabel 11

Watter persentasie skoolgeld het u skool ontvang voordat u geenskoolfondsstatus ontvang het?

0%–20%		21%–40%		41%–60%		61%–80%		81%–100%	
--------	--	---------	--	---------	--	---------	--	----------	--

B. Beheerliggaamstruktuur en -funksionering

Tabel 12

Beskik u skool oor die volgende rekeningkundige joernale?

	Ja	Nee
Kontantontvangstejoernaal		
Kontantbetalingsjoernaal		
Bankrekonsiliasiestaat		
Proefbalans		
Kleinkasjoernaal		

Ja		Nee	
-----------	--	------------	--

Tabel 13

Bestaan die portefeulje van tesourier by u skool?

Tabel 14

Wie die persoon wat by u skool as tesourier optree?

Skoolhoof	
Onderwyser	
Nie-opvoederlid van die skoolbeheerliggaam	
Verkose ouerlid van die skoolbeheerliggaam	
Gekoöpteerde ouer	
Gekoöpteerde lid van die gemeenskap	

Ja		Nee	
-----------	--	------------	--

Tabel 15

Is daar 'n finansieskomitee by u skool?

Tabel 16

Hoeveel lede dien in die finansieskomitee?

Skoolhoof	
Onderwyser	
Nie-opvoederlid van die skoolbeheerliggaam	
Verkose ouerlid van die skoolbeheerliggaam	
Gekoöpteerde ouer	
Gekoöpteerde lid van die gemeenskap	

Tabel 17

Maak die skool gebruik van 'n Wes-Kaapse Onderwysdepartement-geregistreeerde ouditeur?

Ja		Nee	
----	--	-----	--

C. Bekwaamheid van die beheerliggaamvoorsitter en ouerlede van die beheerliggaam ten opsigte van die finansiële bestuur van die skool

Tabel 18

Ouerlede se beleidsbekwaamheid

Op 'n vierpuntskaal, hoe sal u die ouerlede van u skool se beheerliggaam evalueer ten opsigte van hul onbekwaamheid/bekwaamheid om die volgende take uit te voer?

S = skoolhoof, V = voorsitter

	S	V	S	V	S	V	S	V
Lees en vertolking van onderwyswetgewing, omsendbriewe en beleid								
Begrip van vergaderingprosedures								
Opstel van skoolbeleid								

Tabel 19

Ouers se vermoë om beleidsfunksies uit te voer

Op 'n vierpuntskaal, in watter mate stem u nie saam nie/saam met die volgende stellings:

S = skoolhoof, V = voorsitter

	Stem glad nie saam nie		Stem nie saam nie		Stem saam		Stem heelhartig saam	
	S	V	S	V	S	V	S	V
Ek stel skoolbeleid op en hersien finansiële beleid namens my skoolbeheerliggaam.								
Die opvoederlede van my skoolbeheerliggaam stel finansiële beleid op en hersien bestaande beleid.								
Die skoolbestuurspan (SBS) stel finansiële beleid op en hersien bestaande beleid.								
Die ouerlede van my skoolbeheerliggaam is bekwaam om finansiële beleid op te stel en bestaande beleid te hersien.								
Ek vertrou die ouerlede van my skoolbeheerliggaam met die opstel en hersiening van finansiële beleid.								
Die ouerlede van my skoolbeheerliggaam is beskikbaar om finansiële beleid op te stel en om te hersien.								
Die ouerlede van my skoolbeheerliggaam verstaan hulle rolle en funksies.								
Die ouerlede van my skoolbeheerliggaam het opleiding ten opsigte van hulle rolle en funksies ontvang.								
Die ouerlede van my skoolbeheerliggaam kan tussen wetgewende finansiële beheer en die bestuur van die skool onderskei.								
Die ouerlede van my skoolbeheerliggaam berei								

voor vir vergaderings.								
Die ouerlede van my skoolbeheerliggaam is toegewyd aan hul portefeuljepligte.								

Tabel 20

Ouers se vermoë om bepaalde take uit te voer

Op 'n vierpuntskaal, hoe sal u die onbekwaamheid/bekwaamheid van die ouerlede van u skoolbeheerliggaam evalueer ten opsigte van die volgende take?

S = skoolhoof, V = voorsitter

	Uiters swak		Swak		Goed		Uitstekend	
	S	V	S	V	S	V	S	V
'n Bankdepositostrokke korrek voltooi								
Bankinstrumente, soos internetbankdienste, gebruik								
'n Voorlegging vir 'n geldinsamelingsprojek skryf								
Aktief by geldinsamelingsprojekte betrokke raak								
Die jaarlikse begroting voorberei								
'n Skoolfonds stig en bestuur								
'n Bankrekening open en bestuur								
Die finansiële rekords van die skool byhou								
Korrupsie en bedrog voorkom en opspoor								
Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal vir die skool aankoop								
Alle dokumente ter ondersteuning van								

transaksies byhou, soos rekwisitiesevorms, fakture en afleweringsbriewe								
Tjeks in chronologiese orde bewaar								
Die maandelikse bankstate en alle ander dokumente veilig bewaar								
Die joernale aan die einde van elke maand balanseer								

D. Die invloed van die geenskoolfondsbeleid op skole

Tabel 21

Voor my skool tot geenskoolfondsskool verklaar is

S = skoolhoof, V = voorsitter

Op 'n vierpuntskaal, in watter mate stem u nie saam nie/saam met die volgende stellings?

Voor my skool tot geenskoolfondsskool verklaar is ...	Stem glad nie saam nie		Stem nie saam nie		Stem saam		Stem heel- hartig saam	
	S	V	S	V	S	V	S	V
... het my skool oor genoeg geld beskik om alle finansiële verpligtinge na te kom								
... was my skool se infrastruktuur in stand gehou en veilig								
... was daar genoeg geld om vir onderwysers se professionele- ontwikkelingskursusse te betaal								
... was daar genoeg geld om vir leerders se uitstappies te betaal								
... was daar genoeg geld om affiliasiegelde vir deelname aan								

sportkodes te betaal								
... was daar genoeg geld om die telefoonrekening te betaal								
... was daar genoeg geld om die water-en-ligte-rekening te betaal								
... was daar genoeg geld om vervoereise te betaal								
... was daar genoeg geld om vir die daaglikse onderhoud van die skool te betaal								

Tabel 22

Nadat my skool tot geenskoolfondsskool verklaar is

Op 'n vierpuntskaal, in watter mate stem u nie saam nie/saam met die volgende stellings?

S = skoolhoof, V = voorsitter

Nadat my skool tot geenskoolfondsskool verklaar is ...	Stem glad nie saam nie		Stem nie saam nie		Stem saam		Stem heelhartig saam	
	S	V	S	V	S	V	S	V
... beskik my skool oor genoeg geld om alle finansiële verpligtinge na te kom								
... word my skool se infrastruktuur in stand gehou en is dit veilig								
... is daar genoeg geld om vir onderwysers se professionele-ontwikkelingskursusse te betaal								
... is daar genoeg geld om vir leerders se uitstappies te betaal								

... is daar genoeg geld om affiliasiegelde vir deelname aan sportkodes te betaal							
... is daar genoeg geld om die telefoonrekening te betaal							
... is daar genoeg geld om die water-en-ligte-rekening te betaal							
... is daar genoeg geld om vervoereise te betaal							
... is daar genoeg geld om vir die daaglikse onderhoud van die skool te betaal							

Tabel 23

Watter persentasie het u aan leer- en onderrigondersteuningsmateriaal bestee?

50%		Minder as 50%		Meer as 50%	
-----	--	---------------	--	-------------	--

Tabel 24

Watter persentasie het u aan munisipale dienste bestee?

24%		Minder as 24%		Meer as 24%	
-----	--	---------------	--	-------------	--

Tabel 25

Watter persentasie het u skool aan onderhoud en hersteldienste bestee?

6%		Minder as 6%		Meer as 6%	
----	--	--------------	--	------------	--

Tabel 26

Watter persentasie het u skool aan plaaslike aankope van verbruiksgoedere, soos skryfbehoeftes, skoonmaakmiddels, noodhulp, ensovoorts, bestee?

20%		Minder as 20%		Meer as 20%	
-----	--	---------------	--	-------------	--

Tabel 27

Het u skool enige bykomende bronne van inkomste?

Tabel 28

Watter bykomende inkomstebronne het u skool?

Donasies	
Borgskappe	
Verhuring van die skool se geboue of fasiliteite	
Geldinsamelingsprojekte	
Skoolsnoepie	
Ander (spesifiseer asseblief)	

Tabel 29

Hoeveel inkomste word deur bykomende bronne geskep?

Tabel 30

Is daar enige geld beskikbaar vir beheerliggaamposte?

Ja		Nee	
----	--	-----	--

Tabel 31

Gee redes vir die respons in tabel 30.

Tabel 32

Is daar enige beheerliggaamposte by u skool?

E. Die hoof se opvatting van ouers se reaksie op geenskoolfondsskole

Tabel 33

Ouers se reaksie op die geenskoolfondsbeleid

Hoe, volgens u, het die ouers in u gemeenskap op u skool se geenskoolfondsstatus gereageer?

	Ja		Nee	
Is ouers nog gewillig om vir iets te betaal as u hulle daarvoor vra?				
Het ouers hul kinders uit u skool verwyder?				
Het meer ouers hul kinders by u skool kom inskryf?				
Het ouers 'n keuse van skole in die omgewing?				
Probeer ouers die skool verbeter, soos deur lekkende krane te herstel, klaskamers te verf, tuine aan te plant, ensovoorts?				
Is ouers bereid om geldelik tot leerders se uitstappies by te dra?				

Skoolaanbevelings aan WKOD met betrekking tot die toekenning van begrotings aan skole

.....

Watter tekens of bewyse kan u noem wat sal staaf dat u skool se geenskoolfondsstatus enige verandering/geen verandering of verbetering teweegbring het in die gehalte van onderwys wat u skool aan die gemeenskap voorsien?

.....

DIE NAVORSER BEDANK U GRAAG VIR U DEELNAME AAN HIERDIE OPNAME, EN VIR U WAARDEVOLLE BYDRAE TOT OPVOEDKUNDIGE NAVORSING. ALLE VOORSPOED VIR U EN U SKOOL.

Bylae C: Wes-Kaapse Onderwysdepartement: Goedkeuringsbrief



WESTERN CAPE
Education Department

Provincial Government of the Western Cape

RESEARCH

awyngaar@pgwc.gov.za

tel: +27 021 476 9272
Fax: 0865902282
Private Bag x9114, Cape Town, 8000
wced.wcape.gov.za

REFERENCE: 20110714-0012

ENQUIRIES: Dr A T Wyngaard

Mr Sohail Morris
Dorn Rosa Street
Paarl
7646

Dear Mr Sohail Morris

RESEARCH PROPOSAL: DIE IMPAK EN INVLOED VAN DIE GEENSKOOLFONDSBELEID OP DIE FINANSIELE BEHEER EN BESTUUR VAN LANDELIKE SKOLE IN DIE WESKUS-WYNLAND ONDERWYS-DISTRIK (KRING 1,2,EN 3)

Your application to conduct the above-mentioned research in schools in the Western Cape has been approved subject to the following conditions:

1. Principals, educators and learners are under no obligation to assist you in your investigation.
2. Principals, educators, learners and schools should not be identifiable in any way from the results of the investigation.
3. You make all the arrangements concerning your investigation.
4. Educators' programmes are not to be interrupted.
5. The Study is to be conducted from **18 July 2011 till 30 September 2011**
6. No research can be conducted during the fourth term as schools are preparing and finalizing syllabi for examinations (October to December).
7. Should you wish to extend the period of your survey, please contact Dr A.T Wyngaard at the contact numbers above quoting the reference number.
8. A photocopy of this letter is submitted to the principal where the intended research is to be conducted.
9. Your research will be limited to the list of schools as forwarded to the Western Cape Education Department.
10. A brief summary of the content, findings and recommendations is provided to the Director: Research Services.
11. The Department receives a copy of the completed report/dissertation/thesis addressed to:

The Director: Research Services

**Western Cape Education Department
Private Bag X9114
CAPE TOWN
8000**

We wish you success in your research.

Kind regards.